

ATKV
2019

KENNISGEWING

WAT KAN DIE ATKV EN SY TAKKE DOEN OM
'N BETER SUID-AFRIKA TE BOU?



ATKV

ATKV 2019

KENNISGEWING

WAT KAN DIE ATKV EN SY TAKKE DOEN OM 'N BETER SUID-AFRIKA TE BOU?

INHOUDSOPGAW

SAKE WAT STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE IS:

- Kennisgewing van die algemene jaarvergadering van 2019
- Sakelys
- Reglement van orde vir die algemene jaarvergadering
- Verkorte notule van die algemene jaarvergadering van 2018
- Afhandeling van besluite van 2017
- Statutêr voorgeskrewe sake: Gewone besluite
- Statutêr voorgeskrewe sake: Spesiale besluite

2
3
5
9
26
30
35

ANDER SAKE WAT NIE STATUTÊR VOORGESKRYF IS NIE:

- Mosies 2019
- CV's van die direksiekandidate
- Volmagvorm en volmagreëls

36
39
39, 40

ATKV-KENNISGEWING 2019

KENNISGEWING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTURVERENIGING MSW, REGISTRASIENOMMER 1962/005157/08

Kennis word hiermee gegee dat die algemene jaarvergadering van die ATKV vanaf Woensdag 29 Mei 2019 tot Donderdag 30 Mei 2019 by ATKV-Klein-Kariba plaasvind met die volgende oogmerke:

- Om die voorsittersrede en die verslag van die besturende direkteure te behandel;
- Om die finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019 te behandel;
- Om die eksterne ouditeursverslag en die korporatiewebestuuersverslag te behandel;
- Om die eksterne ouditeure aan te stel;
- Om direkteure volgens artikel 22 van die Akte van Oprigting (AVO) te verkies;
- Om die ouditkomitee lede aan te stel;
- Om die ledevertegenwoordigers op die nominasiekomitee aan te stel;
- Om die verslag van die sosiale-en-etiekkomitee te behandel;
- Om die verslag van die vergoedingskomitee te behandel;
- Om sake en handeling wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is, te bevestig;
- Om spesiale besluit 1 te oorweeg en goed te keur; en
- Om enige ander sake (mosies) te behandel wat die algemene jaarvergadering 2019 in terme van artikel 75 van die Maatskappywet en artikel 17.2.6 van die AVO geregtig is om in oënskou te neem en waarvan behoorlik deur die direksie aan die takke van die ATKV kennis gegee is.

GOEDKEURING VAN EEN SPESIALE BESLUIT

Die volgende een (1) spesiale besluit, ten einde finansiële bystand tussen filiaalmaatskappye en verwante partye te reguleer, word in opdrag van die ATKV-direksie vir oorweging en goedkeuring voorgelê.

SPESIALE BESLUIT 1

'n Spesiale besluit ter bevestiging van die direksie se bevoegdhede om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008 en onderhewig aan die bepalings van die AVO, waar toepaslik vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van hierdie resoluësie, direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan *inter alia* die verwante medefiliaal- en filiaalmaatskappye van die maatskappy met bepalings en voorwaardes soos deur die direksie van tyd tot tyd besluit.

UITWERKING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die besluit verseker die nakoming van Artikel 45 se bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot intergroepleninge en die direksie se nakoming daarvan.

MOTIVERING VIR HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die proses, soos deur die Maatskappywet neergelê, het ten doel om deursigtigheid te bevorder en ondersteuning aan die finansiële verslagdoening, soos vervat in die jaarstate, te bied.



Johan Schoeman
Maatskappysekretaris
Johannesburg
7 Mei 2019

WOENSDAG 29 MEI 2019

07:00 Ontbyt

09:00 Algemene jaarvergadering van die ATKV

1. Opening
2. Konstituering
3. Verwelkoming
4. Reglement van orde
5. Mosie van roubeklag
6. Goedkeuring van die notule van die algemene jaarvergadering 2018
7. Sake voortspruitend/afhandeling van besluite van 2018

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: GEWONE BESLUIE

8. Voorsittersrede ATKV-MSW (Besluit 1)
9. Verslag van die besturende direkteur van ATKV-MSW (Besluit 2)
10. Voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake (Besluit 3)
11. Finansiële jaarstate van die ATKV-Groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019 (Besluit 4)
12. Aanstelling van eksterne ouditeure (Besluit 5)
13. Verkiesing van nie-uitvoerende direkteure (Besluit 6)
14. Verkiesing van direksielede op die ouditkomitee (Besluit 7)
15. Verkiesing van ledevertegenwoordigers op die nominasiekomitee (Besluit 8)
16. Verslag van die ouditkomitee (Besluit 9)
17. Verslag van die sosiale-en-etiekkomitee (Besluit 10)
18. Verslag van die vergoedingskomitee (Besluit 11)

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: SPESIALE BESLUIT

19. Spesiale besluit 1: Intergroepelings

13:00 Middagete

14:00 20. Aanbieding: Innovasie

14:15 21. Aanbieding: ATKV-Instituut

14:30 22. Temabespreking: *Wat kan die ATKV en sy takke doen om 'n beter Suid-Afrika te bou?*

15:00 23. Gesprek oor die tema

19:00 Geselligheid

SAKELYS (VERVOLG)

DONDERDAG 30 MEI 2019

06:30	Koffie en verversings
07:30	Voortsetting van die algemene jaarvergadering van die ATKV
	24. Opening
	25. Ander aangeleenthede wat nie statutêr voorgeskrewe sake is nie
	25.1 Mosies 2019
	Noenontbyt
	26. Voortsetting van mosies 2019
	27. Oorhandigings
	28. Verslag van die taalwag
	29. Mosie van dank
	30. Geleentheidsprekers: uittredende en nuwe direkteure
	31. Sing van die Volkslied
	32. Afsluiting en verdaging
13:00	Afgevaardigdes vertrek

REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING



1. OPENING EN AFSLUITING MET GEBED

Sittings van die algemene jaarvergadering word elke dag met gebed geopen en afgesluit.

2. VOORSITTER

Die voorsitter van die ATKV-direksie tree kragtens artikel 4.13 van die Akte van Oprigting (AVO) op as voorsitter van 'n behoorlik gekonstitueerde algemene jaarvergadering. In sy/haar afwesigheid of as enige saak rakende die persoon van die voorsitter bespreek word, tree die visevoorsitter op. Indien beide die voorsitter en visevoorsitter nie in staat of bereid is om as voorsitter op te tree nie, kies die algemene jaarvergadering 'n tydelike voorsitter uit sy geledere.

3. NOTULE

Die maatskappysekretaris reël vir die notule van die algemene jaarvergadering wat die volgende besonderhede moet bevat:

- 3.1 tyd, datum en plek van die algemene jaarvergadering;
- 3.2 voorstelle wat aan die algemene jaarvergadering voorgelê moet word;
- 3.3 besluite wat deur die algemene jaarvergadering geneem moet word;
- 3.4 belangrike reëlings van die voorsitter; en
- 3.5 ander sake wat die algemene jaarvergadering besluit om te notuleer.

4. PRESENSIELYS

Die hoofkoördineerder van die algemene jaarvergadering sien toe dat die presensie van alle stemgeregtigdes met die aanvang van die algemene jaarvergadering en ook by die voortsetting van elke afsonderlike sitting elektronies aangeteken word. Daarom sal alle teenwoordiges ten alle tye tydens die vergadering 'n elektroniese identifikasiekaart dra.

5. SAKELYS

Die sakelys vir die verrigtinge van die algemene jaarvergadering omvat die werksaamhede soos bepaal in artikels 4.12.2 en 4.14.3 van die AVO van die ATKV. Die algemene jaarvergadering behou hom egter die reg voor om die volgorde van die items op die sakelys na gelang van omstandighede te wysig.

6. REÛLS VIR BESPREKINGS

Die reëls vir die bespreking van en wysigings aan voorstelle by die algemene jaarvergadering is soos volg:

- 6.1 Inleiers van voorstelle word hoogstens vyf (5) minute toegelaat om hul voorstelle toe te lig, behalwe die inleiers van voorstelle rakende statutêre sake en spesiale besluite, aan wie, na goeddunke van die voorsitter, bykomende tyd toegelaat kan word.
- 6.2 Alle ander sprekers wat aan die bespreking van 'n voorstel deelneem, word drie (3) minute toegelaat.

REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

- 6.3 Inleiers van voorstelle word toegelaat om aan die einde van die bespreking repliek te lewer net voor die voorstel tot stemming gebring word.
- 6.4 Die algemene jaarvergadering mag na goeddunke meer tyd vir besprekings toelaat.

7. HANTERING VAN MOSIES

Die mosies moet skriftelik by die ATKV-hoofkantoor ingedien en in die algemene jaarvergadering se kennisgewing gepubliseer word. Tydens die algemene jaarvergadering moet die voorstelle gesekondeer word voordat dit deur die indiener toegelig kan word. Slegs die indiener van 'n voorstel wat repliek aan die einde van die bespreking van die voorstel kan lewer, word meer as een spreekbeurt oor enige voorstel toegelaat. Indien 'n spreker oor 'n voorstel gepraat het en weer oor 'n wysiging van dieselfde voorstel wil praat, moet sodanige spreker hom stiptelik by die bespreking van die wysiging hou. Voorstelle wat deur die direksie aan die algemene jaarvergadering voorgelê word, word deur een van die lede van die direksie toegelig.

'n Wysiging van enige mosie kan mondelings deur 'n stemgeregtigde voorgestel word en moet deur 'n ander stemgeregtigde gesekondeer word. Geen wysiging mag 'n negasie van 'n voorstel wees nie.

Die voorsitter mag reël dat voorstelle en wysigings in kleiner groepe bespreek word, maar besluite moet deur die volle algemene jaarvergadering aanvaar word.

8. ONDERBREKING VAN 'N BESPREKING

Die bespreking van 'n mosie mag slegs onderbreek word:

- 8.1 deur 'n wysiging voor te stel;
- 8.2 deur 'n voorstel om te verdaag of om van die punt af te stap;
- 8.3 deur 'n voorstel dat dadelik oor die punt gestem word;
- 8.4 deurdat die voorsitter 'n lid toelaat om 'n persoonlike verklaring te doen;
- 8.5 deur 'n voorstel om die saak na die direksie terug te verwys; of
- 8.6 deur 'n punt van orde.

Indien die bespreking van 'n mosie afgehandel is, het die indiener van die betrokke mosie die reg op repliek voordat oor die betrokke mosie, met of sonder wysiging, gestem word.

9. PUNTE VAN ORDE

Die punte van orde waarop lede van die algemene jaarvergadering hulle kan beroep, is soos volg:

- 9.1 dat die gedrag van 'n spreker onweloweglik of sy taal onbehoorlik of lasterlik is, of dat die spreker van die onderhawige saak afdwaal;
- 9.2 dat dit tyd is om te verdaag;
- 9.3 dat 'n spreker te lank praat;
- 9.4 dat 'n voorstel of wysiging *ultra vires* of om die een of ander rede onreëlmatig is;
- 9.5 dat die opname van die stemming verkeerd is;
- 9.6 dat 'n spreker nie die voorsitter aanspreek nie, oneerbiedig jeens die voorsitter is of die beslissing van die voorsitter nie gehoorsaam nie;
- 9.7 dat daar nie 'n kworum is nie;
- 9.8 dat iemand die vergadering sonder die verlof van die voorsitter verlaat het; en

9.9 dat 'n onreëlmatigheid van prosedure of enige oortreding van die AVO begaan is.

Die voorsitter beslis alle punte van orde. Sy/haar beslissing in dié opsig is finaal. 'n Punt van orde moet eers afgehandel word voordat die algemene vergadering met die mosie voortgaan.

10. STEMMING

10.1 METODE

Stemreg op die algemene jaarvergadering word gereël volgens Skedule 1 Deel E van die AVO. Die stemming tydens die algemene jaarvergadering geskied, tensy die AVO anders vereis, deur die opsteek van hande, dog die voorsitter of ten minste vyf stemgeregtigde lede teenwoordig by die algemene jaarvergadering kan vra dat die stemming oor enige mosie met stemming deur middel van enige toepaslike elektroniese meganisme sal plaasvind. Indien 'n lid van die algemene jaarvergadering die uitslag van 'n stemming betwyfel, mag sodanige lid onmiddellik ná die uitslag versoek dat die stemme weer opgeneem word. Indien die algemene jaarvergadering akkoord gaan, word daar in so 'n geval oorgestem. As 'n lid nie onmiddellik ná die uitslag van 'n stemming beswaar daarteen maak nie, word die saak as afgehandel beskou.

10.2 STAKING VAN STEMME

Indien daar 'n staking van stemme is, word daar oor die betrokke mosie ooreenkomstig artikel 4.11.10 van die AVO van die ATKV beslis.

10.3 TOETSSTEMMING

Die voorsitter het die reg om toetsstemmings te hou ten einde die gevoel van die algemene jaarvergadering te wete te kom en ter wille van tydbesparing.

11. STEMREG

Kragtens Skedule 2 Deel C van die AVO het slegs een afgevaardigde per takstruktuur wat 'n lid is en wat deur die betrokke tak benoem en gemagtig is en 'n lid van die direksie of van 'n direksiekomitee wat ook lede moet wees, stemreg op die algemene jaarvergadering, onderworpe aan die bepalings van artikel 4.11.3 van die AVO met betrekking tot spesiale besluite.

12. VERKIESING VAN LEDE VAN DIE DIREKSIE

Die algemene jaarvergadering het 'n reglement vir die verkiesing van direksielede aanvaar. Die verkiesing van direkteure vind gedurende die algemene jaarvergadering aan die hand van die volgende proses plaas:

- 12.1 Die kriteria en bepaling van die behoeftes, insluitend geografiese en demografiese samestelling van die direksie;
- 12.2 Kennisgewing van die versoek om nominasies;
- 12.3 Nominasievoorwaardes en -prosesse;
- 12.4 Werksaamhede en verpligtinge van die nominasiekomitee;
- 12.5 Kennisgewing van die mosie vir direksieverkiesing; en
- 12.6 Die verkiesingsprosedure.

13. DOKUMENTE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule, jaar-, finansiële en ander nodige verslae word skriftelik ingedien en elke lid van die algemene jaarvergadering ontvang 'n afskrif daarvan.

REGLEMENT VAN ORDE VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

14. TYDHOUER

Die besturende direkteur van die ATKV-MSW reël vir 'n amptelike tydhouer wat 'n klokke lui sodra die spreker se tyd verstreke is. Wanneer die klokke lui, moet die spreker wat aan die woord is, afsluit.

15. DIE MEDIA

Die direksie stel 'n mediakomitee aan ten aanvang van die algemene jaarvergadering om verslaggewers van die media by te staan en om 'n oog te hou oor die aard en juistheid van die verslae aan die media. Ander lede van die algemene jaarvergadering mag nie kommentaar teenoor die media lewer nie en moet verteenwoordigers van die media na die mediakomitee verwys. Skakeling met die media moet geskied met inagneming van die vertroulikheid van sekere kwessies, waar en wanneer dit relevant is.

16. ORDE

- 16.1 Die voorsitter handhaaf die orde tydens gesamentlike sittings van die algemene jaarvergadering en tree onpartydig en billik op en beskerm minderhede op 'n redelike manier. Sy/haar reëlins en beslissings is finaal.
- 16.2 Gesamentlike sittings begin en eindig stiptelik soos op die sakelys aangedui. 'n Amptelike tydhouer kondig die begin en einde van sittings aan deur middel van 15 waarskuwingsminute en dan weer 5 minute voor die geskeduleerde tyd soos op die sakelys aangedui.
- 16.3 Lede van die algemene jaarvergadering staan die voorsitter by ten opsigte van die handhawing van orde tydens gesamentlike sittings deur nie laat te kom of die vergadersaal tydens 'n sitting sonder die toestemming van die voorsitter te verlaat nie.
- 16.4 Geen stemgeregtigde lid mag die amptelike verrigtinge van die algemene jaarvergadering voor die verdaging op die laaste sittingsdag verlaat nie, tensy vooraf toestemming van die voorsitter verkry is.

17. PLEK VAN DIE VOLGENDE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die direksie bepaal waar die volgende algemene jaarvergadering gehou sal word.

18. NIESTEMGEREGTIGDES

Niestemgeregtigde lede van die ATKV en ander uitgenooide lede van die publiek sit afsonderlik van die stemgeregtigde lede in die vergadersaal.

VERKORTE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE ATKV-MSW GEHOU OP WOENSDAG 18 JULIE 2018 TOT DONDERDAG 19 JULIE 2018 IN DIE KARIBASAAL BY ATKV-KLEIN-KARIBA IN BELA-BELA.

1. OPENING

Barnie van der Walt van die ATKV-tak Windhoek vra 'n minuut van stilte vir oudpresident Nelson Rolihlahla Mandela wat vandag 100 jaar oud sou word.

Hy open die algemene jaarvergadering met Skriflesing en 'n gebed spesifiek vir Suid-Afrika, waarna die voorsitter almal verwelkom.

2. KONSTITUERING

Anton Redelinghuis, voorsitter van die direksie, meld dat die kennisgewing van die algemene jaarvergadering gepubliseer is soos wat voorgeskryf word in artikel 4.14 van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se Akte van Oprigting (AVO), asook in artikel 61 (7) van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008. Hierdie kennisgewing word met instemming van die aanwesiges as gelese beskou.

Daar is 227 stemgeregtigdes, 42 waarnemers en 57 lede onder 18 jaar aanwesig. 'n Korum word ingevolge artikel 4.9.1 van die ATKV se AVO en artikel 64 (1) van die Maatskappywet daargestel uit 'n meerderheid van alle stemgeregtigdes soos wat met konstituering bepaal word. Die volledige teenwoordigheidsregister is by die maatskappysekretaris vir insae beskikbaar.

Die voorsitter verklaar die algemene jaarvergadering ingevolge artikel 4.7 van die ATKV se AVO as behoorlik gekonstitueer.

3. VERWELKOMING

Die voorsitter verwelkom die direksie- en komiteelede van die ATKV-MSW en ATKV-Sake, die afgevaardigdes, nuwe afgevaardigdes, gaste en waarnemers, verteenwoordigers van die media en die personeellede.

Hy verwelkom in die besonder die erelede, Corné de Milander, Frits Kok, Antonie Gildenhuys en Bertie Heckroodt.

Die vergadering word ingelig dat Deidre Le Hanie, die vorige besturende direkteur van die ATKV-MSW, bedank het. Sonél Brits neem waar as besturende direkteur en Johan Schoeman as maatskappysekretaris.

Die voorsitter noem dat Herman Bailey, 'n nie-uitvoerende direkteur, die algemene jaarvergadering bywoon ten spyte daarvan dat sy gade, Carol Bailey, baie ernstig siek is. Die voorsitter bedank hom en wens hom alle sterkte toe.

Hy verwelkom diegene wat die algemene jaarvergadering vir die eerste keer bywoon en spreek die wens uit dat dit 'n aangename en verrykende ervaring sal wees. Hy bedank ook die personeel van ATKV-Klein-Kariba wat almal tuis laat voel.

VERKORTE NOTULE

Die voorsitter maak verskoning vir die volgende direkteure wat weens ander verpligtinge nie die algemene jaarvergadering kan bywoon nie: Dawid de Wet, Michael le Cordeur en Danny Titus.

Die tema van die algemene jaarvergadering van 2018 is *Opleiding en innovasie*. Baie van die ATKV-projekte het 'n opleidingslelement. Hierdeur word voldoen aan 'n belangrike rol binne die ATKV-MSW.

4. REGLEMENT VAN ORDE

Die voorsitter vestig die vergadering se aandag op die bepalings wat vervat is in die Reglement van Orde wat vir die algemene jaarvergadering geld.

BESLUIT

AJV 01/2018

Dat die verrigtinge van die algemene jaarvergadering volgens die bepalings van die gepubliseerde Reglement van Orde sal geskied.

5. MOSIE VAN ROUBEKLAG

BESLUIT

AJV 02/2018

Dat die volgende mosie eenparig aanvaar word: Hierdie algemene jaarvergadering bring dankbaar hulde aan die lede van die ATKV, familie van lede en prominente lede van die Afrikaanse kultuurgemeenskap wat in die afgelope verslagjaar oorlede is. Die ATKV eer hulle nagedagtenis en bid hulle dierbares die vertroosting van die Hemelse Vader toe. Medelye word ook spesifiek betuig met plaasgemeenskappe waar plaasbewoners slagoffers van plaasaanvalle was.

6. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING WAT OP 23 EN 24 MEI 2017 GEHOU IS

Hennie Strauss vra of uitvoering aan die volgende besluit gegee is:

BESLUIT:

AJV 03/2018

1. Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die volgende persone op die ouditkomitee aangestel word, naamlik:
 - Bridgitte Mathews (nie-uitvoerende direkteur van die ATKV-MSW);
 - 'n gekoöpteerde nie-uitvoerende direkteur in die finansiesportefeulje;
 - 'n nie-uitvoerende direkteur van die ATKV-MSW;
 - 'n nie-uitvoerende direkteur van ATKV-Sake.
2. Dat die komiteelede se name in die volgende uitgawe van *Taalgenoot* gepubliseer sal word.

Sonél Brits onderneem om die name van die persone wat tot die ouditkomitee verkies word in *Taalgenoot* te laat publiseer indien die name nie tydens die algemene jaarvergadering bekend gemaak word nie.

SB

BESLUIT

AJV 04/2018

1. Dat die name van die persone wat verkies word tot die ouditkomitee in *Taalgenoot* gepubliseer word indien die name nie tydens die algemene jaarvergadering bekend gemaak word nie.
2. Dat die notule van die algemene jaarvergadering van 23 en 24 Mei 2017 as gelese beskou en goedgekeur word.

7. SAKE VOORTSPRUITEND

7.1 AFHANDELING VAN DIE BESLUITE VAN 2017

Die voorsitter hou die verslag aan die vergadering voor oor die afhandeling van die besluite van 2017 se algemene jaarvergadering wat opgeneem is in die kennisgewing van die algemene jaarvergadering.

BESLUIT

AJV 05/2018

Dat kennis geneem word van die afhandeling van die besluite van 2017 se algemene jaarvergadering en die personeel word daarvoor bedank.

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: GEWONE BESLUITE

8. DIE BEHANDELING VAN DIE VOORSITTERSREDE

Bridgitte Mathews, visevoorsitter van die ATKV-MSW, neem die voorsitterstoel in vir die duur van die voorsittersrede.

Artikel 4.14.3 van die AVO bepaal dat die voorsitter se rede tydens die algemene jaarvergadering behandel moet word. Anton Redelinghuis lig sy voorsittersverslag, soos dit in die ATKV-jaarverslag verskyn, deur middel van 'n aanbieding toe.

Hy bedank die Hemelse Vader, asook al die takke, aktiewe lede en al die lede wat deur middel van hul ledegeld 'n bydrae lewer tot die verwesenliking van die ATKV se visie. Namens die vergadering bedank hy die bestuur, al die ander belanghebbendes en die direksie vir die onbaatsugtige diens wat hulle lewer.

BESLUIT

AJV 06/2018

Dat Anton Redelinghuis se voorsittersrede en voorsittersverslag as behandel beskou en aanvaar word.

9. VERSLAG VAN DIE WAARNEMENDE BESTURENDE DIREKTEUR VAN DIE ATKV-MSW

Artikel 4.14.3 van die AVO bepaal dat die jaarverslae van die uitvoerende direkteure tydens die algemene jaarvergadering behandel moet word. Sonél Brits, waarnemende besturende direkteur van die ATKV-MSW, en Gerrie Lemmer, uitvoerende hoof: taal en kultuur, lig die verslag, soos wat dit in die ATKV-jaarverslag verskyn, verder toe.

10. VOORLEGGING VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR VAN ATKV-SAKE

Schalk Cilliers, besturende direkteur van ATKV-Sake, lig met behulp van 'n aanbieding die vergadering in oor die werksaamhede van ATKV-Sake.

BESLUIT

AJV 07/2018

Dat die volgende jaarverslae as behandel beskou en aanvaar word:

- Die jaarverslag van die waarnemende besturende direkteur van die ATKV-MSW.
- Die jaarverslag van die uitvoerende hoof: taal en kultuur.
- Die jaarverslag van die besturende direkteur van ATKV-Sake.

Sonél Brits noem dat nominasievorms vir die benoeming van lede om op die nominasiekomitee te dien by die komiteeklerk afgehaal kan word. Die genomineerde persone moet aan die vereistes wat in die Reglement vir die verkiesing van direkteure uiteengesit is, voldoen.

11. FINANSIËLE JAARSTATE VAN DIE ATKV-GROEP VIR DIE JAAR GEËINDIG OP 28 FEBRUARIE 2018

Die voorsitter wys op die afwesigheid van 'n finansiële direkteur van die ATKV-MSW. Daarom behandel Elisma du Toit, finansiële bestuurder van ATKV-Sake, die ATKV-groep se finansiële jaarstate vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018.

Die volledige finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018 is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering aan die takke gepos. Die volledige state is op www.atkv.org.za beskikbaar.

Verder word die sake en handelinge wat deur die direksie van die ATKV-groep namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2017/18- finansiële jaar bevestig.

Die volgende opmerkings word gemaak:

- Afgevaardigdes spreek hul kommer oor die leningsrekening uit. Bestuur noem dat dit nodig was vir ontwikkeling en dat geen verdere lenings aangegaan sal word nie.
- Daar word versoek dat die ATKV-Sterftfonds ontbind word en dat die geld in die ATKV opgeneem word. Michiel Jacobs, voorsitter van die Raad van Trustees van die Sterftfonds, noem dat die ATKV-Sterftfonds nie ontbind kan word nie, en dat daar vir 'n paar jaar reeds nie meer bydraes tot die fonds gemaak word nie.
- Daar word gevra hoekom die ouditkoste so hoog is en of die ATKV al die negatiewe beriggewing oor KPMG Ing. ignoreer. Doris Dondur, voorsitter van die ouditkomitee, sê dat die ATKV nie beperkings mag plaas op wat die ouditfirma oudit nie en dat die saak verder aandag sal geniet wanneer die verslag van die ouditkomitee voorgehou word.

Christo Smith, ouditvennoot van KPMG, bevestig dat hulle:

- Verantwoordelik is vir die ouditopinie van die ATKV-Groep;
- 'n Ongekwalifiseerde ouditopinie oor die ATKV-Groep uitgespreek het; en
- Die elektroniese program vir die stemmingsproses getoets het.

BESLUIT

AJV 08/2018

1. Dat die finansiële state, insluitend die direkteursverslag, die ouditeursverslag en die korporatiewebestuuersverslag soos uiteengesit in die jaarverslag vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018 as gelese beskou en hiermee aanvaar en bevestig word.
2. Dat die sake en handeling wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2017/18- finansiële jaar hiermee bevestig word.

12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Die ATKV-Reglement van die ouditkomitee bepaal dat daar by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag, ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy, verslag gedoen word.

Doris Dondur, voorsitter van die ouditkomitee en 'n geoktrooieerde rekenmeester, doen verslag oor die wyse waarop die ouditkomitee hul verpligtinge kragtens die Maatskappywet uitgevoer het.

Doris Dondur reageer op die lid se navraag oor die ouditkoste (paragraaf 11, kolpunt 3) – sy noem dat die ouditkoste noukeurig deur die ouditkomitee nagegaan is, en bevestig dat dit 'n baie billike bedrag is.

Sy loof bestuur vir die besondere prestasie om die finansiële state betyds gereed vir voorlegging aan die algemene jaarvergadering te hê.

Sy stel voor dat die finansiële state, insluitend die direkteursverslag, die ouditeursverslag en die korporatiewebestuuersverslag, soos uiteengesit in die jaarverslag, aanvaar en bevestig word.

BESLUIT

AJV 09/2018

Dat die verslag van die ouditkomitee van die ATKV-Groep aanvaar word.

13. AANSTELLING VAN OUDITEURE

Artikel 4.14.3.5 van die AVO bepaal dat 'n ouditeur ingevolge die Maatskappywet aangestel moet word. Die Maatskappywet bepaal in artikel 61(8)(c) dat 'n ouditeur by elke algemene jaarvergadering aangestel word om die amp te beklee. Die aanstelling is geldig van AJV tot AJV.

KPMG Ing. is in 2014 deur die direksie aangestel as eksterne ouditeure van die ATKV vir 'n tydperk van vyf (5) jaar, waarin welke aanstelling jaarliks deur die algemene jaarvergadering bevestig moet word. KPMG Ing. se termyn verstryk ná afloop van die algemene jaarvergadering van 2018.

Die heraanstelling van KPMG Ing. is deur die ouditkomitee en direksie oorweeg.

Die ouditkomitee het tydens die vergadering van 28 Mei 2018 die geskiktheid van KPMG Ing. vir heraanstelling bevestig.

VERKORTE NOTULE

Ná oorweging van bestuur se aanbeveling rakende die heraanstelling het die ouditkomitee die volgende oorweeg en bespreek:

- Die ouditkomitee is tevrede dat KPMG Ing. onafhanklik volgens die vereistes van die Maatskappywet optree.
- Die volle voordeel van hierdie aanstelling wat kennis van en begrip vir die ATKV betref, is nou gevestig en sal in die toekoms verder uitgebou kan word.
- Die voordele en nadele om 'n tenderproses te volg is oorweeg, maar die ouditkomitee is tevrede dat daarvan afgesien moet word aangesien dit weinig waarde sal toevoeg. In die lig van al die strategieë en aksies wat tans aan die gang is, sal dit beter wees om voort te gaan met 'n ouditeursfirma wat die organisasie ken en verstaan.

Doris Dondur bevestig dat die ATKV tevrede is met die eksterne ouditeure, KPMG Ing., se onafhanklikheid. Sy bevestig dat dit KPMG se laaste jaar is wat hulle volgens die Maatskappywet as eksterne ouditeure kan optree. Die ATKV sal tenders vir 'n nuwe, eksterne ouditfirma in 2019 versoek.

Die volgende vrae word deur die AJV gevra:

- Estelle Visser van die ATKV-tak Kanniedood noem dat KPMG Ing. se termyn verstryk ná afloop van die algemene jaarvergadering van 2018, en vra hoekom moet die AJV weer vir KPMG aanstel. Bestuur noem dat die besluit jaarliks deur die AJV bevestig moet word.
- Estelle Visser van die ATKV-tak Kanniedood vra of die direksie die negatiewe publisiteit in die media oor KPMG ignoreer. Doris Dondur noem dat daar reeds in 2017 'n gesprek in die direksie/ouditkomitee oor KPMG en hul betrokkenheid by die ouditkomitee was.
- Die onderwerp is tydens verskeie komiteevergaderings en met KPMG-bestuur bespreek om te verseker dat al die werk deur KPMG gedoen bo verdenking is.
- Daar word verder gevra of die ATKV geassosieer wil word met 'n KPMG waaroor daar onsekerheid in die media is.

Doris Dondur noem dat die direksie en die ouditkomitee vrae gevra het en dat die ATKV nie iemand uit 'n etiese oogpunt mag veroordeel nie, veral as hulle nog nie skuldig bevind is nie. Sy gee vir die lede die versekering dat sy gemaklik met die heraanstelling van KPMG tot einde Februarie 2019 is.

BESLUIT

AJV 10/2018

Dat KPMG Ing. as eksterne ouditeure van die ATKV-Groep aangestel word tot ná afloop van die volgende algemene jaarvergadering in 2019.

Doris Dondur, voorsitter van die ouditkomitee, bedank haar mede-ouditkomiteeledes vir die ekstra werk wat gedurende die jaar gedoen is.

14. VERSLAG VAN DIE SOSIALE-EN-ETIEKKOMITEE

Die ATKV-Reglement van die sosiale-en-etiekkomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag wat in die jaarverslag van die maatskappy ingesluit is. Dirk Lotter, 'n lid van die sosiale-en-etiekkomitee, tree as waarnemende voorsitter van die komitee op. Hy maak verskoning vir Dawid de Wet, voorsitter van die komitee, wat weens siekte nie die algemene jaarvergadering kan bywoon nie. Dirk Lotter lig die verslag toe waar nodig.

BESLUIT

AJV 11/2018

Dat die algemene jaarvergadering die verslag van die sosiale-en-etiekkomitee van die ATKV-Groep aanvaar.

15. VERSLAG VAN DIE VERGOEDINGSKOMITEE

Die ATKV-Reglement van die vergoedingskomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag wat in die jaarverslag van die maatskappy ingesluit is.

Herman Bailey, voorsitter van die vergoedingskomitee, lig die verslag toe.

BESLUIT

AJV 12/2018

Dat die algemene jaarvergadering die verslag van die vergoedingskomitee van die ATKV-Groep aanvaar.

16. BEKRAGTIGING VAN DIE VOLGENDE ATKV-REGLEMENTE

Die direksie het die afgelope jaar veranderings aan die volgende ATKV-Reglemente aangebring:

- ATKV-Reglement van die direksie
- ATKV-Reglement van die dagbestuur
- ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure
- ATKV-Reglement van die ouditkomitee
- ATKV-Reglement van die vergoedingskomitee
- ATKV-Reglement van die sosiale-en-etiekkomitee
- ATKV-Reglement van Orde vir die algemene jaarvergadering
- ATKV-Reglement van takke

Die reglemente is elektronies op die amptelike webwerf van die ATKV gepubliseer. Die reglemente het met die publikasie daarvan van krag geword. Skedule 1, Deel D van die AVO en artikel 15.3 van die Maatskappywet bepaal dat die algemene jaarvergadering die ATKV-Reglemente moet bekragtig.

Daar word versoek dat bestuur met spoorveranderings (*track changes*) moet aandui waar die veranderings aan die reglemente is.

SB

BESLUIT

AJV 13/2018

Dat die algemene jaarvergadering die volgende ATKV-Reglemente bekragtig:

- ATKV-Reglement van die direksie
- ATKV-Reglement van die dagbestuur
- ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure
- ATKV-Reglement van die ouditkomitee
- ATKV-Reglement van die vergoedingskomitee
- ATKV-Reglement van die sosiale-en-etiekkomitee
- ATKV-Reglement van Orde vir die algemene jaarvergadering
- ATKV-Reglement van takke

17. VERKIESING VAN DIREKTEURE

Die waarnemende besturende direkteur verduidelik die verloop van die verkiesingsproses en meld dat elektroniese toerusting vir die stemproses gebruik word.

Anton Redelinghuis, Dawid de Wet en Michael le Cordeur se termyn as direkteure verstryk tydens die algemene jaarvergadering van 2018. Die direksie het besluit dat twee (2) poste oopgestel word vir nominasies deur ATKV-takke en die ATKV-direksie ingevolge artikel 2.2 van die ATKV-Reglement van die verkiesing van direkteure.

Die vul van die poste geskied aan die hand van 'n verkiesing vir een (1) nie-uitvoerende direkteur tydens die algemene jaarvergadering van 2018, en die koöptering van een (1) nie-uitvoerende direkteur deur die direksie ná afloop van die algemene jaarvergadering van 2018.

Christo Smith van die ouditeursfirma KPMG Ing. behartig die verkiesing van die direksielid kragtens artikel 4 van die Reglement van die verkiesing van direkteure. Hy bevestig die korrekte werking van die elektroniese program vir die stemproses.

Die volgende kandidate word vir die vakature genomineer:

- Dawid de Wet
- Hennie Strauss

Elke kandidaat kry 'n minuut om homself aan die algemene jaarvergadering voor te stel. Dawid de Wet stel hom voor deur middel van 'n opname vooraf omdat hy nie die algemene jaarvergadering kan bywoon nie.

BESLUIT

AJV 14/2018

1. Dat die algemene jaarvergadering volgens die uitslag van die verkiesing die volgende persoon op die direksie aanstel:
 - Hennie Strauss vir 'n termyn van drie (3) jaar tot en met 2021.
2. Dat Dawid de Wet nie tot die ATKV-direksie verkies word nie, en uittree.

18. VERKIESING VAN LEDE OP DIE OUDITKOMITEE

Ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet soos vervat in artikel 43(2) en 84(1) (c)(ii) moet die algemene jaarvergadering 'n ouditkomitee verkies.

Die komitee lede moet oor relevante kwalifikasies beskik en kundigheid op die gebied van finansiële bestuur, risikobestuur, die regte en inligtingstechnologie word beklemtoon.

Michiel Jacobs stel voor dat die huidige lede van die ouditkomitee weer aangestel word, naamlik:

- Doris Dondur
- JP Landman
- Bridgitte Mathews

BESLUIT**AJV 15/2018**

Dat die algemene jaarvergadering die volgende persone op die ouditkomitee herbevestig:

- Doris Dondur (nie-uitvoerende direkteur)
- JP Landman (nie-uitvoerende direkteur)
- Bridgitte Mathews (nie-uitvoerende direkteur)

19. VERKIESING VAN LEDEVERTEENWOORDIGERS OP DIE NOMINASIEKOMITEE

Die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direksielede bepaal dat daar jaarliks 'n nominasiekomitee aangestel word wat bestaan uit:

- die voorsitter van die direksie;
- drie (3) lede wat vir dié doel op 'n vorige algemene jaarvergadering benoem is; en
- hoogstens twee (2) onafhanklike lede, wat lede moet wees, maar nie lede van die direksie mag wees nie, en wat deur die direksie benoem word.

Hierdie nominasiekomitee tree op as 'n pre-advieskomitee wat 'n voorkeurlys opstel van persone wat deur die takke of direksie genomineer is vir verkiesing as direkteure, en welke verkiesing tydens die eersvolgende algemene jaarvergadering in 2019 sal plaasvind.

Dit is dus nodig dat ledeverteenvoerders kragtens artikel 1.5.2 van die reglement vanuit die vergadering genomineer word, en dat die algemene jaarvergadering deur middel van 'n gesamentlike stembrief, maar afsonderlik per kandidaat, stem vir drie (3) van die genomineerde kandidate.

Die volgende nominasies is ontvang:

- Abri Erasmus
- Michiel Jacobs
- Pieter Moller
- Frik Roets
- Ben Venter

Twee (2) onafhanklike lede, wat lede moet wees, maar nie lede van die direksie mag wees nie, en wat deur die direksie benoem word, sal ná afloop van die algemene jaarvergadering gekoöpteer word.

BESLUIT**AJV 16/2018**

Dat die volgende ledeverteenvoerders by wyse van stemming op die nominasiekomitee aangestel word:

- Michiel Jacobs verkies deur die algemene jaarvergadering tot en met 2019.
- Pieter Moller verkies deur die algemene jaarvergadering tot en met 2019.
- Frik Roets verkies deur die algemene jaarvergadering tot en met 2019.

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: SPESIALE BESLUITE

20. SPESIALE BESLUIT 1: INTERGROEPLENINGS

'n Spesiale besluit ter bevestiging van die direksie se bevoegdhede om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008 en onderhewig aan die bepalings van die AVO, waar toepaslik, vir 'n periode van twee jaar vanaf die datum van hierdie resolu-sie, direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan *inter alia* die verwante medefiliaal-en filiaalmaatskappye van die maatskappy volgens die bepalings en voorwaardes waaroor die direksie van tyd tot tyd besluit.

UITWERKING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die besluit verseker die direksie se nakoming van die bepalings van die Maatskappywet met betrekking tot intergroepleninge.

MOTIVERING VAN HIERDIE SPESIALE BESLUIT

Die proses soos wat bepaal word deur die Maatskappywet het ten doel om deursigtigheid te bevorder en ondersteuning te bied aan die finansiële verslagdoening wat in die jaarstate vervat word.

BESLUIT

AJV 17/2018

Dat die algemene jaarvergadering 'n resolu-sie aanvaar met 'n meerderheid van 95% stemme ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

21. VERDAGING

Michiel Jacobs sluit die sitting met 'n tafelgebed af en die vergadering verdaag vir middagete.

'n Aanbieding deur prof. Ian Rothman oor opleiding en innovasie volg ná middagete.

Die volgende sitting van die algemene jaarvergadering is op Donderdag 19 Julie 2018.

22. WEGBREEKGROEPE MET DIE TEMA: OPLEIDING EN INNOVASIE

Johan Schoeman stel prof. Ian Rothman voor.

Ná prof. Ian Rothman se insiggewende aanbieding oor opleiding en innovasie verdeel die afgevaardigdes in ses wegbreekgroepe:

Wegbreekgroep A: Melvin Tobias (fasiliteerder) en Henda Momberg (skriba).

Wegbreekgroep B: Marco van den Berg (fasiliteerder) en Barnie van der Walt (skriba).

Wegbreekgroep C: Almero Oosthuizen (fasiliteerder) en Clemence Thomas (skriba).

Wegbreekgroep D: Coenie van Rensburg (fasiliteerder) en Louise Frieselaar (skriba).

Wegbreekgroep E: Magon Mouton (fasiliteerder) en Tanya Grote (skriba).

Wegbreekgroep F: Elize Fortuin (fasiliteerder) en Benjamin Bock (skriba).

23. ATKV-DINEE

Die ATKV-dinee begin om 19:00 en Almero Oosthuizen, streeksbestuurder, open die geleentheid met Skriflesing en gebed. 'n Boereorkes tree as gaskunstenaars op. Hulle word vir hul optrede tydens die dinee bedank.

VOORTSETTING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING OP DONDERDAG 19 JULIE 2018 OM 07:30

24. OPENING EN KONSTITUERING

Dirk Lotter, nie-uitvoerende direkteur, open die algemene jaarvergadering met Skriflesing en gebed. Die voorsitter bedank hom vir die gepaste opening. Hy bedank ook die boereorkes vir hul bydrae tot die sukses van die dinee.

Daar is 211 stemgeregtigdes, 44 waarnemers en 56 lede onder 18 jaar aanwesig. Die voorsitter noem dat dit steeds 'n kworum is ingevolge artikel 4.9.1 van die ATKV se AVO en artikel 64(1) van die Maatskappywet. Die voorsitter verklaar die algemene jaarvergadering kragtens artikel 4.7 van die ATKV se AVO as behoorlik gekonstitueer.

25. TERUGVOER VAN DIE WEGBREEKGROEPE

Magon Mouton, streeksbestuurder, gee kortliks terugvoer oor die wegbreekgroepe se gesprekke oor opleiding en innovasie. Die algemene gevoel is dat die ATKV meer innoverend moet wees, gedagtig daaraan dat die organisasie een van die dae sy 88ste herdenking gaan vier.

Sy noem dat die wegbreekgroepe se terugvoer saamgevat is met behulp van prof. Ian Rothman se Mentimeter-stelsel.

26. ANDER AANGELEENTHEDE WAT NIE STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE IS NIE: MOSIES VAN 2018

Anton Redelinghuis, voorsitter van die direksie, verduidelik die proses waarvolgens die mosies van 2018 afgehandel sal word.

MOSIES VAN 2018

Daar word 17 mosies kragtens artikel 4.6 van die AVO aan die algemene jaarvergadering voorgelê. Sewe (7) mosies word eenparig aanvaar, vyf (5) mosies (mosies 4, 5, 7, 9 en 12) is gewysig, en vyf (5) dankmosies word aanvaar.

• RESOLUSIE 1

AJV 18/2018

1. Hierdie AVJ beveel aan dat takke ondersoek instel waar hulle aktief betrokke kan raak by hulle gebied se waterverkryging en verspreidingsnetwerke asook waterbesparing as deel van hulle gemeenskapsfokus.
2. Hierdie AVJ beveel aan dat 'n taakspan saamgestel word om die promosieprodukte van die ATKV te verbeter sodat dit meer deur lede gebruik kan word om die beeld van die ATKV uit te dra.

VERKORTE NOTULE

• **RESOLUSIE 2** **AJV 19/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat daar gekyk word na LAPA Uitgewers en die webblad wat nie toeganklik en gebruikersvriendelik is vir taklede wat Tjiengeling wil gebruik nie. Die voorraadverskeidenheid is beperk.

• **RESOLUSIE 3** **AJV 20/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat innovasie en opleiding 'n integrale deel van elke aspek van die ATKV in geheel sal uitmaak, wat die organisasie/besigheid tot groot hoogtes sal voer en wat kontakgewys 'n verrykende impak op ieder en elk sal hê.

• **RESOLUSIE 4** **AJV 21/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat takke van die ATKV aangespoor word om met moontlike betrokkenheid van korporatiewe borge en die entrepreneurskapafdeling van 'n meer bevoorregte skool by ten minste een voorheen benadeelde skool in hul omgewing betrokke te raak om 'n tuinbouprojek van stapel te stuur wat uiteindelik ook as 'n voedingsprojek vir minderbevoorregte kinders uit die voorheen benadeelde skool en uit die omgewing kan dien. Só 'n projek sal bydra tot die bevordering van goeie gemeenskapsverhoudinge, die uitbou van entrepreneursvaardighede onder jongmense, en die bewaring van die omgewing.

BESLUIT **AJV 21/2018(A)**

Dat die ATKV-personeel van hoofkantoor die takke moet help om bogenoemde voorstelle tot uitvoering te bring.

• **RESOLUSIE 5** **AJV 22/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat die direksie, in samewerking met ander organisasies en groepe, daadwerklik betrokke raak by die beskerming van die grondwetlike regte van Afrikaans, en

1. Herbevestig die ATKV se verbintenis tot die behoud van moedertaalonderrig en Afrikaans as addisionele taal op alle vlakke van onderwys en opleiding, en
2. Is verbind tot innovasie in 'n poging om die standaard van onderrig in Suid-Afrika vir al sy inwoners te verbeter, en
3. Is verbind om deur die bevordering van Afrikaans die weg te baan vir ander inheemse tale om tot hoofstroom opvoedkundige (akademiese en opleidings-) tale te ontwikkel.

• **RESOLUSIE 6** **AJV 23/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke en lede hulle daarop toespits om hulle taalregte op 'n hoflike dog ferme wyse, uit te bou en te beskerm.

• **RESOLUSIE 7** **AJV 24/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat die Afrikaanse taal en kultuur in al sy vorme die basis vorm vir lidmaatskap.

• **RESOLUSIE 8**

AJV 25/2018

Hierdie AJV stel voor dat die Tjiengelieng so aangepas word om dit vir lede meer bekostigbaar te maak om by een van die ATKV-oorde te oornag.

Schalk Cilliers, Sonél Brits en Magon Mouton het op 17 Julie 2018 met die volgende takke oor mosie 8 vergader:

ATKV-tak Quellerina

ATKV-tak Boksburg

ATKV-tak Centurion

ATKV-tak Uitenhage

ATKV-tak Witbank

Die volgende punte is bespreek:

- Die huidige oordtariewe.
- Administrasiefooie by die oorde.
- Die vermaakheffing deur die jaar by veral Hartenbos wat dalk eerder in vakansietye gehef moet word.
- Tariewe en pakkette vir senior burgers.
- Voorkeurbesprekingstelsel by veral Hartenbos en Natalia. Dalk groepbesprekings sodat een persoon vir byvoorbeeld vyf lede kan bespreek.
- Die oorde moet meer dierevriendelik raak.
- Aktiewe lede moet beter voordele kan geniet. Bestuur en die takke kon nie hieroor tot 'n ooreenkoms kom nie en die saak moet verder bespreek en ondersoek word.

Die ATKV-takke Quellerina, Boksburg, Centurion, Uitenhage en Witbank bedank bestuur vir die positiewe gesprek en dat aandag aan hul navrae gegee gaan word.

BESLUIT

AJV 25/2018(A)

Dat bestuur bogenoemde kwessies sal ondersoek.

• **RESOLUSIE 9**

AJV 26/2018

Hierdie AJV stel voor dat die ATKV opdrag gee aan die opleidingsinstituut om as kultuurprojek die moontlikheid van privaat Afrikaanse skole te ondersoek wat deur die ATKV se kultuurafdeling bedryf sal word.

• **RESOLUSIE 10**

AJV 27/2018

Hierdie AJV beveel aan dat hoofkantoor leerkragte bemagtig om spesiale aandag ten opsigte van uitbreiding van Afrikaans uit te dra na skole.

• **RESOLUSIE 11**

AJV 28/2018

Hierdie AJV vra die vraag van hoe kan die ATKV die beeld van Afrikaans nog verbeter en die wanpersepsie verander dat Afrikaans nog steeds gekoppel word aan apartheid en 'n blanke man. Hoe kan ons as takke die beeld help verander en ons ambassadeurskap uitleef.

VERKORTE NOTULE

- **RESOLUSIE 12** **AJV 29/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-hoofkantoor met die onderwysowerhede skakel en projekte ondersoek waarmee die ATKV op takvlak ander skole kan help om beheerliggame te vestig.

MOSIES VAN DANK

- **RESOLUSIE 13** **AJV 30/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat al ons takvoorsitters en takbestuurslede hartlik bedank word dat hulle as vrywillige kultuurwerkers van die ATKV die hande, voete, oë en ore van die ATKV op grondvlak is. Ons eer julle daarvoor. Baie dankie.

- **RESOLUSIE 14** **AJV 31/2018**

Hierdie AJV betuig sy dank en waardering vir die goeie werk wat die ATKV-direksie, hoofkantoor, alle bestuurslede, personeel, spesifiek die streeksorganiseerders, en ATKV-takke doen om 'n verskil in hul onderskeie gemeenskappe te maak.

- **RESOLUSIE 15** **AJV 32/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat die redakteur en redaksielede bedank word vir die puik taalversorging van *Taalgenoot* en die interessante, relevante leesstof wat telkens daarin verskyn.

- **RESOLUSIE 16**

Hierdie AJV beveel aan dat die oordbestuurders en hul personeel bedank word vir hulle harde werk en kwaliteitverblyf, kwaliteitdiens en kwaliteitvakansie-ervaringe by al ons oorde.

- **RESOLUSIE 17** **AJV 33/2018**

Hierdie AJV beveel aan dat die bestuursliggame, hoofde, personeel en Afrikaanse taalonderwysers van Afrikaansmediumskole bedank word vir hul volgehoue pogings om in 'n Afrikaansmediumskool te wees en bly. Afrikaanse taalonderwysers word ook bedank vir die liefde wat hulle vir Afrikaans by moedertaal- en addisioneletaalspreekers kweek.

27. TAKTOEKENNINGS EN OORHANDIGINGS

Die ATKV beloon jaarliks tydens die algemene jaarvergadering takke wat 'n bydrae gemaak het tot die ATKV se missie en visie deur projekte wat hulle in hul gemeenskappe en streke aangepak het. Hierdie jaar word toekennings in drie kategorieë gemaak, naamlik vir die mees funksionele tak, vir nasiebou en vir die vier hooffokusse van die ATKV.

Die toekennings word soos volg gemaak:

- Twee toekennings vir elk van die agt streke waarmee takke beloon word vir 'n baie hoë graad van funksionaliteit.
- Een toekenning vir elk van die agt streke waarmee takke beloon word vir hul projek waarmee versoening en nasiebou bevorder word.
- Een toekenning vir elk van die agt streke waarmee takke beloon word vir hul projek van 'n hoë kwaliteit binne die vier hoofkategorieë van die ATKV.

Hierdie toekennings maak dit vir enige tak moontlik om te presteer.

Takke wat hierdie toekennings ontvang, kry 'n geraamde sertifikaat en kan voor die einde van die boekjaar aansoek doen vir spesiale takhulp om hulle te ondersteun in die aanbidding van 'n groot projek wat 'n nog groter ATKV-voetspoor in hul gemeenskappe sal nalaat.

BESLUIT

AJV 34/2018

Dat die algemene jaarvergadering bogenoemde toekennings in drie kategorieë sal maak.

28. VERSLAG VAN DIE TAALWAG

Katelynn Snyman van ATKVonk Potchefstroom wat as taalwag vir die duur van die algemene jaarvergadering aangestel is, wys op uiters gevatte en pittige wyse 'n paar van die afgevaardigdes op hul taalflaters.

BESLUIT

AJV 35/2018

Dat die verslag van die taalwag aanvaar word.

29. MOSIE VAN DANK

Beatrix Venter van die ATKV-tak Kampus stel die volgende mosie van dank voor:

Hierdie algemene jaarvergadering bedank:

- Die voorsitter, Anton Redelinghuis, vir sy leiding en voorsittersrede.
- Die waarnemende besturende direkteur van die ATKV, Sonél Brits, vir haar en haar uitvoerende direkteure se verslae, asook vir haar leiding met die beplanning en reëlins van die algemene jaarvergadering.
- Die personeel wat betrokke was by die wegbreekgroepe en in die besonder die fasiliteerders vir hul insette.
- Prof. Ian Rothman vir sy optrede as gasspreker en sy leiding aan die fasiliteerders van die wegbreekgroepe.
- Die orkes vir hul bydrae tot die sukses van die dinee.
- Die afgevaardigdes en direkteure vir hul deelname aan en bydraes tot die sukses van vanjaar se algemene jaarvergadering.
- Die persone wat die sittings met Skriflesing en gebed geopen en afgesluit het.
- Die ouditeure van KPMG Ing., Christo Smith en Adriana Bornman, vir die verifiëring van die verkiesingsuitslae.
- Johan Potgieter van Absa en Chris Venter van OWK Wynkelders.
- Wim de Wet, die oordbestuurder van ATKV-Klein-Kariba, en al sy personeellede vir die vriendelike ontvangs en reëlins vir vanjaar se algemene jaarvergadering.
- Katelynn Snyman van ATKVonk Potchefstroom wat as taalwag opgetree het.
- Die streekspersoneel vir al die administratiewe en logistieke reëlins.
- Die personeel van die ATKV en van LAPA Uitgewers, asook ons diensverskaffers, wat op welke wyse ook al tot hierdie suksesvolle algemene jaarvergadering bygedra het.
- Ons Hemelse Vader vir die beskerming en liefde wat Hy gedurende die algemene jaarvergadering aan ons gebied en bewys het.

BESLUIT

AJV 36/2018

Dat die mosie van dank eenparig aanvaar word.

30. EVALUERING VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die afgevaardigdes stem elektronies oor die evaluering van die algemene jaarvergadering van 2018. Die uitslag van die evaluasie sal met die afgevaardigdes gekommunikeer word.

BESLUIT

AJV 37/2018

Dat die terugvoer van die afgevaardigdes baie belangrik is sodat bestuur die algemene jaarvergadering kan verbeter indien dit nodig is.

31. GELEENTHEIDSPREKERS: UITTREDENDE EN NUWE DIREKTEURE

Dr. Frits Kok, voormalige besturende direkteur van die ATKV, het reeds in November 2017 die hoogste verering van die ATKV ontvang in die vorm van erelidmaatskap vir sy jare lange leiding van die ATKV en sy bydrae tot die Afrikaanse gemeenskap.

Dr. Frits Kok noem dat dit 'n voorreg is, en dat hy op die skouers staan van soveel entoesiastiese personeel, medewerkers en lede. Die gebaar van die ATKV is 'n weerspieëling van die personeel, medewerkers en lede se wonderlike ondersteuning en geesdrif en die toekenning kom hulle eintlik toe.

Dr. Kok het op 1 November 1981 as besturende direkteur by die deure van die ATKV ingestap. In daardie tyd moes jy nog 'n werknemer van die destydse Spoorweë (nou Transnet) wees om 'n lid van die ATKV te kon wees, wat later onder sy leiding verander is. Onder die leierskap van dr. Kok het die ledetal van die ATKV feitlik verdubbel en die taknetwerk het al groter geword.

Die waarnemende besturende direkteur lig die algemene jaarvergadering in dat Bridgitte Mathews verkies is tot voorsitter en JP Landman tot visevoorsitter van die direksie van die ATKV-MSW.

Die huidige voorsitter gee aan die nuutverkose direkteur, Hennie Strauss, en die nuwe voorsitter en visevoorsitter 'n spreekgeleentheid.

Die waarnemende besturende direkteur lees 'n e-posboodskap van ds. Dawid de Wet wat uittree as nie-uitvoerende direkteur voor. Sy noem verder dat dit Anton Redelinghuis, direkteurvoorsitter van die ATKV-MSW, se laaste algemene jaarvergadering is omdat sy termyn as nie-uitvoerende direkteur ten einde loop.

Anton Redelinghuis bedank almal vir die vertrouwe wat oor al die jare in hom gestel is.

32. SING VAN DIE VOLKSLIED EN DIE OORWINNINGSLIED

Die vergadering sing ten slotte die Volkslied en die oorwinningslied.

33. VERDAGING

Dirk Laufs van die ATKV-tak Thabazimbi sluit die algemene jaarvergadering met Skriflesing en gebed af, waarna die voorsitter die vergadering verdaag.

VOORSITTER

DATUM

AFHANDELING VAN BESLUITTE VAN 2018

Die volgende besluite, soos genommer in die verkorte notule op bladsy 19 tot 24, is soos volg afgehandel:

Daar word 17 mosies kragtens artikel 4.6 van die AVO aan die algemene jaarvergadering voorgelê. Sewe (7) mosies word eenparig aanvaar, vyf (5) mosies (mosies 4 ,5 ,7 ,9 en 12) is gewysig, en vyf (5) dankmosies word aanvaar.

MOSIES 2018	AFDELING SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING
<p>1. RESOLUSIE 1</p> <p>1. Hierdie AJV beveel aan dat takke ondersoek instel waar hulle aktief betrokke kan raak by hulle gebied se waterverkryging en verspreidingsnetwerke asook waterbesparing as deel van hulle gemeenskapsfokus.</p> <p>2. Hierdie AJV beveel aan dat 'n taakspan saamgestel word om die promosieprodukte van die ATKV te verbeter sodat dit meer deur lede gebruik kan word om die beeld van die ATKV uit te dra.</p>	<p>1. Verskeie takke in die streke is aktief betrokke by waterverkryging, verspreidingsnetwerke en waterbesparingsprojekte. Takke wat op groot skaal 'n besondere impak gemaak het, is tydens die afgelope drie algemene jaarvergaderings tydens taktoekennings vereer.</p> <p>2. 'n Taakspan is by ATKV-hoofkantoor aangestel. Hulle het drie maatskappye se promosieprodukte ten opsigte van kwaliteit en bekostigbaarheid ondersoek. Verskeie nuwe items is gekies en sal tydens die 2019-algemene jaarvergadering beskikbaar wees.</p>
<p>2. RESOLUSIE 2</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat daar gekyk word na LAPA Uitgewers en die webblad wat nie toeganklik en verbruikers-vriendelik is vir taklede wat Tjiengelieng wil gebruik nie. Die voorraadverskeidenheid is beperk.</p>	<p>LAPA is besig met die integrasie van IT- en verrekeningstelsels. Hierdie stelsels "praat" met die webblad en dit is 'n ontwikkelingsproses wat tyd neem. Kennis word geneem van die resoluie oor die beperkte verskeidenheid voorraad.</p>
<p>3. RESOLUSIE 3</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat innovasie en opleiding 'n integrale deel van elke aspek van die ATKV in geheel sal uitmaak, wat die organisasie/besigheid tot groot hoogtes sal voer en wat kontaksgewys 'n verrykende impak op ieder en elk sal hê.</p>	<p>Op hoofkantoor is 'n formele innovasiekomitee gestig waar gesprek gevoer word oor innovasiemoontlikhede oor die totale spektrum van die ATKV se kernbesigheid en verwante terreine. Die forum vind onder voorsitterskap van die besturende direkteur plaas. Vanuit die MSW-direksie vind strategiese leiding oor innovasie-aspekte onder leiding van Pieter Geldenhuys, 'n kenner op die gebied van innovasie en ook 'n direksielid, plaas.</p>
<p>4. RESOLUSIE 4</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat takke van die ATKV aangespoor word om met moontlike betrokkenheid van korporatiewe borge en die entrepreneurskapafdeling van 'n meer bevoorregte skool by ten minste een voorheen benadeelde skool in hul omgewing betrokke te raak om 'n tuinbouprojek van stapel te stuur wat uiteindelik ook as 'n voedingsprojek vir minderbevoorregte kinders uit die voorheen benadeelde en uit die omgewing kan dien. Só 'n projek sal bydra tot die bevordering van goeie gemeenskapsverhoudinge, die uitbou van entrepreneursvaardighede onder jongmense, en die bewaring van die omgewing.</p>	<p>Die ATKV-Handevatprojekplan is aan die streeksbestuurders vir implementering versprei. Verskeie jeugtakke van 'n meer bevoorregte skool het reeds hande met voorheen benadeelde skole gevat en pak projekte met sukses aan.</p>

MOSIES 2018	AFDELING SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING
<p>5. RESOLUSIE 5</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat die direksie, in samewerking met ander organisasies en groepe, daadwerklik betrokke raak by die beskerming van die grondwetlike regte van Afrikaans, en</p> <ul style="list-style-type: none"> • Herbevestig die ATKV se verbintenis tot die behoud van moedertaalonderrig en Afrikaans as addisionele taal op alle vlakke van onderwys en opleiding, en • Is verbind tot innovasie in 'n poging om die standaard van onderrig in Suid-Afrika vir al sy inwoners te verbeter, en • Is verbind om deur die bevordering van Afrikaans, die weg te baan vir ander inheemse tale om tot hoofstroom opvoedkundige (akademiese en opleidings-) tale, te ontwikkel. 	<p>Die volgende taalsake is onder meer deur die Taal-en-Kultuurafdeling aangespreek:</p> <p>Hoëfunksietaal: Daar is goeie vordering gemaak wat die konseptaalbeleid vir hoër onderwys betref en ook die taalregtesimposium, maar daar is nog leemtes wat Afrikaans as akademiese taal in die hoër onderwys betref. Die moontlike aanwinst van die Beter Afrikaans-speletjie sal nuwe geleenthede bied om Afrikaans as akademiese taal verder uit te bou.</p> <p>Daar is al heelwat vordering gemaak en die verhouding met internasionale rolspelers sal verder uitgebou word: SASNEV, Zuid-Afrikahuis en die Jongerenprojek.</p> <p>Ondersteuning is gebied aan niemoedertaalsprekende onderwysers van Afrikaans.</p> <p>Geleenthede/platforms vir die bevordering van lees en skryf op verskillende vlakke is geskep. Die ondersteuning van Afrikaanse taalonderrig op skool en die bevordering van moedertaalonderrig het deur verskeie projekte aandag geniet.</p>
<p>6. RESOLUSIE 6</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke en lede hulle daarop toespits om hulle taalregte op 'n hoflike dogferme wyse, uit te bou en te beskerm.</p>	<p>'n Strategiese gesprek is binne die organisasie en met belanghebbende groepe buite die organisasie gevoer om die kwessie van taalregte en sosiale kohesie deel te maak van die ATKV se strategiese doelwitte.</p>
<p>7. RESOLUSIE 7</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat die Afrikaanse taal en kultuur in al sy vorme, die basis vorm vir lidmaatskap.</p>	<p>Die resoluksie is aanvaar.</p>
<p>8. RESOLUSIE 8</p> <p>Hierdie AJV stel voor dat die Tjiengelieng so aangepas word om dit vir lede meer bekostigbaar te maak om by een van die ATKV-oorde te oornag.</p> <p>Schalk Cilliers noem dat hy, Sonél Brits en Magon Mouton met die volgende takke op 17 Julie 2018 vergader het:</p> <p>ATKV-tak Quellerina; ATKV-tak Boksburg; ATKV-tak Centurion; ATKV-tak Uitenhage; ATKV-tak Witbank.</p>	<p>Huidige oordtariewe: Bestuur doen jaarliks tariefoudits om te verseker dat mededingende tariewe teenoor mededingers in die selfsorgmark geïmplementeer word. Bestuur se uitgangspunt is steeds om aan ATKV-lede 'n meer voordelige tarief te verskaf en daarom word die tariefsamestellingsproses en formele kortingsbasis van elke oord jaarliks geëvalueer. As deel van die tariefoudit in die huidige jaar het bestuur ten doel gestel om alle oorde met onderstaande lidvoordeel te bely:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Spitstarief = 15%-korting* aan lede, voor enige ander promosieafslag wat ook toegestaan word. • Paasaweek en ander skoolvakansies = 20%-korting* aan lede, voor enige ander promosieafslag wat ook toegestaan word.

AFHANDELING VAN BESLUIE VAN 2018

MOSIES 2018	AFDELING SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING
<p>Die volgende punte is bespreek:</p> <ul style="list-style-type: none"> Huidige oordtariewe; Administrasiefooi by oorde; Vermaakheffing deur die jaar by veral Hartenbos (heffing eerder in vakansietye); Seniorburgertariewe en -pakkette; Voorkeurbesprekingstelsel by veral Hartenbos en Natalia – groepbesprekings (dat een persoon vir vyf (5) lede kan bespreek); Oorde moet meer dierevriendelik raak. Aktiewe lede moet beter voordele kry (bestuur en takke kon nie tot 'n ooreenkoms kom in die verband nie en dit moet verder bespreek en ondersoek word). <p>Die takke ATKV-tak Quellerina, ATKV-tak Boksburg, ATKV-tak Centurion, ATKV-tak Uitenhage en ATKV-tak Witbank bedank bestuur vir die positiewe gesprek en dat aandag aan hul navrae gegee gaan word.</p>	<p>Tjiengelieng: Die kwessie rondom ledevoordele geniet opnuut aandag. Die oploopbaarheid van Tjiengelieng het ongelukkig sekere belastingimplikasies, wat nadelig vir die maatskappy en/of individue kan wees. Die toename in die aantal Tjiengelieng gekoppel aan die styging in tariewe sal deur die bestuur ondersoek word.</p> <ul style="list-style-type: none"> Naweektarief = 25%-korting* aan lede, voor enige ander promosieafslag wat ook toegestaan word. Weektarief = 30%-korting* aan lede, voor enige ander promosieafslag wat ook toegestaan word. <p>* Waar die gaping in die eerste implementeringsjaar te groot was, het bestuur die doelwit gestel om die verandering oor 'n driejaarperiode te implementeer. Administrasiefooi: 'n Addisionele administrasiefooi is geïmplementeer vir besoekers wat slegs een aand van die akkommodasie- of kampegeriewe gebruik maak.</p> <p>Nielede = R30 per bespreking Lede = Geen administratiewe koste sal gehef word nie.</p> <p>Vir besprekings langer as bogenoemde periode word die administrasiefooi gehef wat in daardie stadium van toepassing is.</p> <p>Vermaakheffing: Die vermaakheffing by die Hartenbos Strandoord is aangepas. Die tariefstruktuur is belyd met ander ATKV-orde en inwonende gaste kry nou gratis toegang tot die pretpark. (Toegang tot die verhitte swembad is steeds uitgesluit.)</p> <p>Seniorburgertariewe en -pakkette: 'n Ondersoek na die seniorburgertariewe by die oorde veral met die klem op maandpakkette is geloods. Bestuur het tariewe aangepas sodat die onderskeie oorde se tariewe minder van mekaar afwyk. Die oorde waar daar steeds verskille voorkom, is weens die produkaanbod en tariefperiode(s) wat van oord tot oord mag verskil.</p> <p>Groepbesprekings by veral ATKV-Hartenbos en -Natalia: Bestuur het die volgende aanpassing gemaak na aanleiding van 'n versoek van lede dat slegs drie (3) besprekings per keer gemaak kan word in plaas van vyf (5) besprekings soos in die verlede. Die nuwe reël is van toepassing vanaf 1 Augustus 2019. Die nuwe besprekingsreël is op AL die oorde van toepassing.</p> <p>Troeteldiere: Bestuur bly by die bestaande reël dat geen diere by ATKV-orde toegelaat word nie.</p> <p>Aktiewe taklede: Daar is versoek dat lede wat by takstrukture betrokke is en baie tyd spandeer om ATKV-belange, -aksies en -projekte te bevorder vir hul werksaamhede beloon word. Bestuur het versoek dat die takvertegenwoordigers vir bestuur voorstelle vir oorweging te stuur.</p>

MOSIES 2018	AFDELING SE TERUGVOER EN IMPLEMENTERING
<p>9. RESOLUSIE 9</p> <p>Hierdie AJV stel voor dat die ATKV opdrag gee aan die opleidingsinsituut as kultuurprojek die moontlikheid van privaat Afrikaanse skole te ondersoek wat deur die ATKV se kultuurafdeling bedryf sal word.</p>	<p>Die onderwysafdeling benader sy betrokkenheid by Afrikaanse skole holisties en wil vir eers bestaande skole diens. Die diens gaan regoor die spektrum vanaf onderwysbestuur, hulp met kurrikulumontwikkeling tot die ontwikkeling van onderwysvaardighede. Die kwessie van private skole is altyd 'n opsie, maar kapasiteit, koste en die benadering van die proses is belangrik. Dit vorm egter deel van die strategiese gesprek oor ATKV-onderwysbetrokkenheid.</p>
<p>10. RESOLUSIE 10</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat hoofkantoor leerkragte bemagtig om spesiale aandag ten opsigte van uitbreiding van Afrikaans uit te dra na skole.</p>	<p>Die volgende kursusse is aangebied om leerkragte te bemagtig:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ATKV-Debatbeoordelaarskursus • ATKV-Redenaarsbeoordelaarskursus • Afrikaans vir Almal-projek • ATKV-Moedertaalonderrigopleiding • ATKV-Skitter-in-Afrikaans • Doen-en-leer-leesopleiding en voorleeswerkswinkels deur die Vriende van Afrikaans (VVA).
<p>11. RESOLUSIE 11</p> <p>Hierdie AJV vra die vraag van hoe kan die ATKV die beeld van Afrikaans nog verbeter en die wanpersepsie verander dat Afrikaans nog steeds gekoppel word aan apartheid en 'n blanke man. Hoe kan ons as takke die beeld help verander en ons ambassadeurskap uitleef.</p>	<p>Streeksbestuurders moedig voortdurend takke aan om projekte uit te rol wat direkte behoeftes in hul gemeenskappe aanspreek en om ook alle rolspelers in die gemeenskap daarby te probeer betrek. Sodoende bedien die tak verskeie behoeftes wat van belang is vir verskillende kultuurgroepe. Die bemerking van Afrikaans, as 'n diverse taal met 'n verskeidenheid van sprekers vind ook beslag in die samestelling van projekte.</p>
<p>12. RESOLUSIE 12</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-hoofkantoor met die onderwysowerhede skakel en projekte ondersoek waarmee die ATKV op takvlak ander skole kan help om beheerliggame te vestig.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Gesprekke is met die departement van basiese onderwys geïnisieer. • Daar word met FEDSAS in hierdie verband saamgewerk. • Van die aspekte word in die ATKV se Kopskuifprojek hanteer.
<p>DANKMOSIES 13 TOT 17 AANVAAR</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat al ons takvoorsitters en takbestuurslede hartlik bedank word dat hulle al vrywillige kultuurwerkers van die ATKV die hande, voete, oë en ore van die ATKV op grondvlak is. Ons eer julle daarvoor. Baie dankie.</p> <p>Hierdie AJV betuig sy dank en waardering vir die goeie werk wat die ATKV-direksie, hoofkantoor, alle bestuurslede, personeel, spesifiek die streekorganiseerders, en ATKV-takke vir die verskil wat hulle doen om 'n verskil in hul onderskeie gemeenskappe te maak.</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat die redakteur en redaksielede bedank word vir die puik taalversorging van die <i>Taalgenoot</i> en die interessante, relevante leesstof wat telkens daarin verskyn.</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat die oordbestuurders en hul personeel bedank word vir hulle harde werk en kwaliteitverblyf, kwaliteitdiens en kwaliteitvakansie-ervaringe by al ons oorde.</p> <p>Hierdie AJV beveel aan dat die bestuursliggame, hoofde, personeel en Afrikaanse taalonderwysers van Afrikaansmediamskole bedank word vir hul volgehoue pogings om in 'n Afrikaansmediumskool te wees en bly. Afrikaanse taalonderwysers word ook bedank vir die liefde wat hulle vir Afrikaans by moedertaal- en addisionele taalsprekers kweek.</p> <p>* Die betrokke streeksbestuurders dra dank en waardering oor soos en waar nodig.</p>	

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: GEWONE BESLUIE

BESLUIT 1

Die behandeling van die voorsittersrede

Artikel 4.14.3.1 van die AVO bepaal dat die algemene jaarvergadering die voorsittersverslag van die ATKV-MSW sal behandel. Hierdie verslag is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en is saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering op die ATKV se webwerf, www.atkv.org.za, gepubliseer.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die voorsittersrede van die ATKV-MSW aanvaar word.

BESLUIT 2

Verslag van die besturende direkteur van die ATKV-MSW

Artikel 4.14.3.2 van die AVO bepaal dat die algemene jaarvergadering die verslag van die uitvoerende direkteure, wat in die besturende direkteur van die ATKV-MSW se verslag saamgevat is, sal behandel. Hierdie verslag is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en is saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering op die ATKV se webwerf, www.atkv.org.za, gepubliseer.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die jaarverslag van die besturende direkteur van die ATKV-MSW aanvaar word.

BESLUIT 3

Voorlegging van die besturende direkteur van die ATKV-Sake

Dat die algemene jaarvergadering kennis neem van die voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake aanvaar word.

BESLUIT 4

Voorlegging van die finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019.

Die volledige finansiële jaarstate van die ATKV-groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019 is in die ATKV-jaarverslag gepubliseer en is saam met die kennisgewing van die algemene jaarvergadering en die volledige state op die ATKV se webwerf, www.atkv.org.za, gepubliseer.

Verder word die sake en handeling wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2018/19- finansiële jaar bevestig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

1. dat die finansiële state, insluitend die direkteursverslag, die ouditeursverslag en die korporatiewebestuurverslag, soos uiteengesit in die jaarverslag vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019, as gelese beskou en hiermee aanvaar en bevestig word; en
2. dat die sake en handeling wat deur die direksie van die ATKV namens die maatskappy onderneem en uitgevoer is in die 2018/19- finansiële jaar, hiermee bevestig word.

BESLUIT 5

Aanstelling van die eksterne ouditeure

Artikel 4.14.3.5 van die AVO bepaal dat 'n ouditeur kragtens die Maatskappywet aangestel moet word. Die Maatskappywet bepaal in artikel 61(8)(c) dat 'n ouditeur op elke algemene jaarvergadering aangestel word om die amp te beklee vanaf sluiting van daardie vergadering tot die sluiting van die volgende algemene jaarvergadering.

Die aanstelling van BDO is deur die ouditkomitee en direksie oorweeg.

Die ouditkomitee het tydens die vergadering op 12 Maart 2019 die geskiktheid van BDO vir aanstelling bevestig. Ná oorweging van bestuur se aanbeveling rakende die aanstelling, het die ouditkomitee die volgende oorweeg en bespreek:

- Die ouditkomitee is tevrede dat BDO onafhanklik optree in terme van die vereistes van die Maatskappywet.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering die aanstelling van BDO as eksterne ouditeure van die ATKV tot ná afloop van die volgende algemene jaarvergadering in 2020 bevestig.

BESLUIT 6

Nominasies ingevolge die ATKV-Reglement vir die verkiesing van nie-uitvoerende direkteure

UITNODIGINGSKENNISGEWING

Hierdie kennisgewing word uitgereik in opdrag van die direksie in terme van artikel 2.1 van die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure. 'n Afskrif van hierdie reglement word by die kennisgewing aangeheg (bylae 2).

Die doel van hierdie kennisgewing is om vir nominasies van geskikte kandidate te vra ooreenkomstig die kriteria en statutêre vereistes vir direkteure soos in die Maatskappywet, die AVO en die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure vervat is.

VAKATURES IN DIE DIREKSIE

Die volgende drie (3) nie-uitvoerende direkteure se termyne verstryk tydens die 2019- algemene jaarvergadering:

Herman Bailey: Verkies in Mei 2016 vir 'n driejaartermyn tot en met 2019 AJV. (Sedert 2001 op die direksie met 1 jaar onderbreking in 2012/2013 – Totaal van 18 jaar.

Dirk Lotter: Verkies in Mei 2016 vir 'n driejaartermyn tot en met 2019 AJV. Gekoöpteer in Mei 2015 vir 'n termyn van een (1) jaar tot 2016. Totaal van vier (4) jaar.

Doris Dondur: Gekoöpteer in Mei 2017 vir 'n tweejaartermyn tot en met 2019 AJV. Doris Dondur het egter op 28 Februarie 2019 bedank. (Sedert 2014 'n gekoöpteerde lid van die ATKV). Totaal van vyf (5) jaar.

Die direksie het besluit dat die drie (3) poste oopgestel word vir nominasie deur ATKV-takke en die ATKV-direksie, ingevolge artikel 2.2 van die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure. Die vul van die poste sal geskied aan die hand van 'n verkiesing vir twee (2) nie-uitvoerende direkteursposte tydens die 2019- algemene jaarvergadering en die koöptering van een (1) nie-uitvoerende direkteur deur die direksie ná afloop van die 2019- algemene jaarvergadering.

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE

KRITERIA TEN OPSIGTE VAN KUNDIGHEIDSBEHOEFTES, VAARDIGHEDE EN ONDERVINDINGSVLAKKE

Die kundighedsbehoeftes, vaardighede en ondervindingsvlakke wat benodig word vir die daarstelling van 'n gebalanseerde direksie wat in staat sal wees om strategiese leiding te verskaf en beheer uit te oefen ter bereiking van die ATKV se doelwitte, missie en visie, word jaarliks deur die ATKV-direksie bepaal (artikel 1.1.1 van die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure). Die direksie het op 15 November 2018 besluit om nominasies vir die volgende kundighede te versoek:

Kundigheid op die terrein van sake (twee poste)

Persone met bewese kundigheid en ondervinding om strategies by te dra tot die finansiële volhoubaarheid van die kernsake van die ATKV-MSW.

Kundigheid op die terrein van finansies (een pos)

Persone wat op die ouditkomitee kan dien, minstens een geëkspertiseerde rekenmeester, en persone met bewese rekords ten opsigte van korporatiewe aspekte, insluitend geïntegreerde verslagdoening met inagneming van King IV.

KRITERIA TEN OPSIGTE VAN GEOGRAFIESE EN DEMOGRAFIESE VERSPREIDINGSBEHOEFTES

Die geografiese en demografiese verspreidingsbehoeftes om gepaste balans ooreenkomstig die ATKV se inklusiwiteitsdoelwitte te bewerkstellig word jaarliks deur die ATKV-direksie bepaal (artikel 1.1.2 van die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direkteure).

Tydens die 2019- algemene jaarvergadering tree die bogenoemde (sien Besluit 6) nie-uitvoerende direkteure uit en bly daar vyf (5) nie-uitvoerende direkteure in hul poste aan. Die oorblywende vier (4) verkose direkteure en een (1) gekoöpteerde direkteur se geografiese en demografiese verspreiding tydens die algemene jaarvergadering van 2019 is soos volg:

- 3 Gauteng, 1 Wes-Kaap en 1 Noord-Kaap;
- 1 vrou en 4 mans;
- 1 swart en 4 wit;
- 2 ouer as 60 jaar en 3 tussen 40 en 50 jaar.

Die direksie het besluit om nominasies vir die volgende geografiese en demografiese verspreiding te versoek:

Geografiese verspreiding:

Eweredige verteenwoordiging ten opsigte van alle geografiese gebiede.

Demografiese verspreiding:

Eweredige verteenwoordiging ten opsigte van geslag, ras en ouderdom.

VOORKEURLYS

In antwoord op die uitnodigingskennisgewing is daar vier (4) kandidate deur takke genomineer. Daar is geen kandidate deur die direksie genomineer nie. Die nominasies is voor 6 Maart 2019 by die maatskappysekretaris ingedien. Die nominasiekomitee het ná deeglike oorweging drie (3) van die vier (4) nominasies aanvaar.

Die nominasiekomitee, bestaande uit drie lede wat vir die doel op die vorige algemene jaarvergadering benoem is, te wete Pieter Möller, Frik Roets en Michiel Jacobs; asook twee onafhanklike lede wat deur die direksie benoem is, naamlik Marlene Verhoef en Heindrich Wyngaard, sowel as die voorsitter van die ATKV-direksie. Weens die feit dat Heindrich Wyngaard nie die vergadering kon bywoon nie, het die direksie vir Fatima Abdool gekoöpteer en die vergadering op 26 April 2019 plaasgevind.

Die nominasiekomitee het ingevolge die reglement opgetree as 'n pre-advieskomitee en vir elke vakature uit die

genomineerdes wat vir daardie vakature genomineer is, 'n voorkeurlys saamgestel van persone wat volgens die komitee aan die kriteria vir die vakature voldoen het. Die nominasiekomitee het ook by die samestelling van die voorkeurlys die direksie se gestelde behoeftes volgens artikel 2.3.5 van die Reglement vir die verkiesing van direkteure oorweeg.

Hierdie voorkeurlys, CV's en ander benodigde inligting wat van die nominasiekomitee ontvang is, is deur die direksie bekragtig en word hier weergegee vir oorweging en stemming deur die algemene jaarvergadering. (Sien bladsye 38 tot 40 vir CV's in alfabetiese volgorde.)

Die voorkeurkandidate word telkens met 'n asterisk aangedui. Die geografiese en demografiese voorkeurkandidate word eweneens met simbole aangedui.

VERKIESING

Die verkiesing vind as 'n geheime stemming plaas deur die gebruik van toepaslike elektroniese meganismes en word deur die eksterne ouditeure van die ATKV geverifieer.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering deur middel van 'n gesamentlike stembrief, dog afsonderlik per kandidaat, stem vir een van die kandidate in die vakature soos in die tabel hieronder uiteengesit.

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

1. Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persoon op die direksie aangestel word, naamlik:
 - _____ vir 'n termyn van drie (3) jaar;
 - _____ vir 'n termyn van drie (3) jaar.

Van	Naam	Sake	Geografiese voorkeur	Demografiese voorkeur			Voorkeur
				Ras	Geslag	Ouderdom	
Le Roux	Marlene	x		♦	♣		*
Lotter	Dirk	x	▲				
Van Zyl	Giep	x					*

* Voorkeurkandidate ▲ Geografies Demografies: ♦ Ras ♣ Geslag ● Ouderdom

BESLUIT 7

Verkiesing van direksielede op die ouditkomitee

Ooreenkomstig die bepalings van die Maatskappywet, soos vervat in artikel 43(2) en 84(1)(c)(ii), moet die algemene jaarvergadering 'n ouditkomitee verkies.

Die komitee moet oor relevante kwalifikasies beskik en in dié verband word kundigheid op die gebied van finansiële bestuur, risikobestuur, die regte en inligtingstechnologie beklemtoon.

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

1. Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persone op die ouditkomitee aangestel word, naamlik:

- _____
- _____
- _____

BESLUIT 8

Verkiesing van ledeverteenvoordigers op die nominasiekomitee

Die ATKV-Reglement vir die verkiesing van direksielede bepaal die volgende:

Daar word jaarliks 'n nominasiekomitee aangestel wat bestaan uit:

- die voorsitter van die direksie;
- drie (3) lede wat vir dié doel op 'n vorige algemene jaarvergadering benoem is; en
- hoogstens twee (2) onafhanklike lede, wat lede moet wees, maar nie lede van die direksie mag wees nie, en wat deur die direksie benoem word.

Hierdie nominasiekomitee tree op as 'n pre-advieskomitee om 'n voorkeurlys op te stel van persone wat deur die takke of direksie genomineer is vir verkiesing as direkteure, welke verkiesing tydens die eersvolgende algemene jaarvergadering in 2019 sal plaasvind.

Dit is dus nodig dat ledeverteenvoordigers kragtens artikel 1.5.2 van die reglement vanuit die vergadering genomineer word en dat die algemene jaarvergadering deur middel van 'n gesamentlike stembrief, dog afsonderlik per kandidaat, stem vir drie (3) van die kandidate soos genomineer.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit:

1. Dat kragtens die uitslag van die verkiesing die volgende persone op die nominasiekomitee aangestel word, naamlik:

- _____
- _____
- _____

BESLUIT 9

Verslag van die ouditkomitee

Die ATKV-Reglement van die ouditkomitee bepaal dat daar by die algemene jaarvergadering verslag gedoen word deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy. JP Landman, voorsitter van die komitee, sal tydens die algemene jaarvergadering die verslag mondelings toelig waar nodig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die ouditkomitee van die ATKV-Groep aanvaar word.

BESLUIT 10

Verslag van die sosiale-en-etiekkomitee

Die ATKV-Reglement van die sosiale-en-etiekkomitee bepaal dat daar by die algemene jaarvergadering verslag gedoen word deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy. Dirk Lotter, voorsitter van die komitee, sal tydens die algemene jaarvergadering die verslag mondelings toelig waar nodig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die sosiale-en-etiekkomitee van die ATKV-Groep aanvaar word.

BESLUIT 11

Verslag van die vergoedingskomitee

Die ATKV-Reglement van die vergoedingskomitee bepaal dat daar verslag gedoen word by die algemene jaarvergadering deur middel van 'n formele verslag ingesluit in die jaarverslag van die maatskappy. Herman Bailey, voorsitter van die komitee, sal tydens die algemene jaarvergadering die verslag mondelings toelig waar nodig.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering besluit dat die verslag van die vergoedingskomitee van die ATKV-Groep aanvaar word.

STATUTÊR VOORGESKREWE SAKE: SPESIALE BESLUIT

Die volgende spesiale besluit ten einde finansiële bystand tussen filiaalmaatskappye en verwante partye te reguleer, word in opdrag van die ATKV-direksie vir oorweging en goedkeuring voorgelê.

SPESIALE BESLUIT 1

'n Spesiale besluit ter bevestiging dat die direksie namens die lede die bevoegdheid uitoefen om in ooreenstemming met artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, en onderhewig aan die bepalings van die AVO waar toepaslik vir 'n periode van twee jaar vanaf datum van hierdie resoluë, direkte of indirekte finansiële bystand te verleen aan *inter alia* die verwante medefiliaal- en filiaalmaatskappye van die maatskappy op bepalings en voorwaardes soos deur die direksie besluit van tyd tot tyd.

AANBEVELING

Dat die algemene jaarvergadering 'n resoluë aanvaar in terme van artikel 45 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.

MOSIES 2019

Die volgende 16 mosies is vanaf takke ontvang vir bespreking en goedkeuring.

	TAK	MOSIE
MOSIE 1	ATKV-TAK ARENDSNES	Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke hul aktiwiteite só beplan dat dit altyd tot wedersydse respek, medemenslikheid en verdraagsaamheid tussen mense van alle kultuurgroepe in ons land lei, en dat dit ook positief tot gemeenskapsopvoeding en -ontwikkeling bydra.
MOSIE 2	ATKV-TAK ARENDSNES	Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke betrokke raak by voorheen benadeelde jeug deur byvoorbeeld skakeling en samewerking met instansies soos ACTIVATE. Dié organisasie fokus daarop om van jong leiers innoverende landsburgers te maak wat op hul beurt ander Suid-Afrikaners help om hulself op te hef.
MOSIE 3	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV beveel aan dat daar besin word oor die wyses waarop die ATKV en ATKV-takke die herdenking van die vertaling van die Bybel in Afrikaans kan vier.
MOSIE 4	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV beveel aan dat daar besin word oor die wyses waarop die ATKV en ATKV-takke volgende jaar die 90ste bestaansjaar van die ATKV nasionaal en plaaslik kan vier.
MOSIE 5	ATKV-TAK JAKARANDA	Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV-direksie ondersoek instel hoe die verskillende Afrikaanse identiteite gebruik kan word om “Suid-Afrikanerskap” te ontsluit om sodoende brûe na ander kulture en gemeenskappe te bou.
MOSIE 6	ATKV-TAK KUNSTEJÊM	Hierdie AJV beveel aan dat ATKV-takke óók op meer informele ontspanningsprojekte moet fokus en terselfdertyd die nasionale projekte van die ATKV-MSW konstruktief en planmatig steun ten einde positiewe gesindhede te skep en sosiale verhoudings tussen mense en groepe te versterk om sosiale kohesie te bevorder.
MOSIE 7	ATKV-TAK PRETORIA	Hierdie AJV beveel aan dat die ATKV en ATKV-takke op ’n opleidingsgerigte manier te werk gaan om ’n beter Suid-Afrika te bou.
MOSIE 8	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV wens al die toppresterders in Afrikaans by al ons universiteite, laer- en hoërskole geluk met hul volgehoue sukses.

	TAK	MOSIE
DANKMOSIES		
MOSIE 9	ATKV-TAK CENTURION EN PRETORIA-POLISIE	Hierdie AJV betuig sy dank en waardering teenoor die ATKV-direksie, die besturende direkteur, personeel van hoofkantoor, die streekkantore, die oorde en LAPA Uitgewers vir hul volgehoue kwaliteitdienslewering.
MOSIE 10	ATKV-TAK CENTURION EN PRETORIA-POLISIE	Hierdie AJV bedank ATKV-lede, takbestuurslede en takvoorsitters wat by hul plaaslike tak inskakel en op 'n vrywillige wyse met taal- en kultuurbevordering in hul omgewing help.
MOSIE 11	ATKV-TAK CENTURION EN COMIENZO	Hierdie AJV bedank alle ouddireksielede, -personeel, -takvoorsitters en -takbesture vir hul bydrae tot die uitbou van die ATKV sodat ons vanjaar met trots die 89ste bestaansjaar van die ATKV op Maandag 19 Augustus kan vier.
MOSIE 12	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV bedank alle dosente en onderwysers vir hul kwaliteitonderrig in Afrikaans.
MOSIE 13	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV bedank die SABC en al die ander Afrikaanse TV- en radiostasies vir hul saakmakende en opbouwende Afrikaanse radio- en TV-programme.
MOSIE 14	ATKV-TAK CENTURION	Hierdie AJV bedank ATKV-lede en ATKV-takke wat die webwerf “Vlam vir Afrikaans” besoek het en “Groeteboodskappe aan Afrikaans” by die Vlam by die Voortrekkermonument in Pretoria kom plaas het.
MOSIE 15	ATKV-TAK TONTELDOOS	Hierdie AJV bedank die ATKV vir die pogings om onderlinge begrip en verdraagsaamheid tussen taal- en kultuurgroepe deur middel van sy projekte te bevorder.
MOSIE 16	ATKV-TAK VEREENIGING	Hierdie AJV betuig sy dank aan ons oorde en oordbestuurders vir die wonderlike werk wat hulle doen met die bevordering van die ATKV se handelsnaam.

VERKORTE CURRICULUM VITAE

Die volledige curricula vitae is by die maatskappysekretaris beskikbaar.

Die nominasieproses vereis dat genomineerdes se verkorte CV's nie meer as 300 woorde mag beslaan nie.



MARLENE LE ROUX

My passie is om 'n verskil te maak: om deur kuns en kultuur uit te reik na die diverse gemeenskappe in ons samelewing en 'n platform te skep waar almal kan tuishoort, veral die gemeenskappe wat voorheen op kulturele, ekonomiese en sosiale vlakke gemarginaliseer is.

Kwalifikasies en opvoeding

- Meesters in filosofie in die studie van gestremdhede, UK, 2018
- Eredoktoraal in opvoedkunde, KPUT, 2017
- Meestersprogram in beleid en ontwikkeling, UK, 2015

Toekennings

- Commonwealth Point of Light Award (7 Februarie 2018).
- Wes-Kaapse provinsiale regering se toekennings: Ministeriële Toekenning vir Uitstaande Bydrae tot die Kunste en Gestremdhede (2017 en 2018).
- ATKV-toekenning: Trots van Wellington Stasiefees (2018).
- Wes-Kaapse regering se Lewenslange Buitengewone Toekenning vir Jeugontwikkeling (2017).
- Die Koker-toekenning van die Nasionale Afrikaans- en Inheemse Tale Raad (2014).
- Deutschen Afrika Preis van de Duitse regering (2012).
- Ordre National Du Merite van die Franse regering (2012).
- Chevalier des Ordres et des Lettres (Franse Ridderskap in die Uitvoerende Kunste, 2002).

Onlangse loopbaanervaring

- Uitvoerende bedryfshoof van die Kunstekaapteater (November 2015 tot tans).
- Waarnemende uitvoerende bedryfshoof van Kunstekaap (2014 tot 2015).
- Direkteur: gehoorontwikkeling en opvoedkundige artistieke programme van Kunstekaap (2001 tot 2014).

Professionele verenigings en betrokkenheid

- Voorsitter van die Desmond and Leah Tutu Legacy Foundation (tans).
- Voorsitter van die Chrysalis Jeugakademie (2014 tot tans).
- Voorsitter van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (2002 tot tans).

Professionele profiel

- Beskerm persoon van Afrikaans.com.
- Lid van die Internasionale Adviesraad van Africa Open Institute, US (tans).
- Kommissaris vir die Regte van Kulturele en Taalgemeenskappe – aangewys deur die president van Suid-Afrika (onder die presidensie van albei Thabo Mbeki en Jacob Zuma).
- Lid van die Presidensiële Werkgroep oor Gestremdhede (tans).
- Spreker by die International Society of Performance Art, New York, oor die transformasieproses van Nico Malan tot Kunstekaap (2019).



DIRK LOTTER

Dirk Lotter (gebore 10 Maart 1956) verwerf die graad BIng (Landbou) aan die Universiteit van Pretoria. As bestuurslid van die ATKV-tak Lichtenburg het Dirk 'n persoonlike verbintenis tot die doelstellings, missie, visie en waardes van die ATKV.

Die ATKV-MSW se grootste bate is die ATKV se eiendomme en die belegging in die ATKV-Sakemaatskappy. Dit is noodsaaklik dat hierdie belegging die nodige opbrengs lewer sodat die ATKV-MSW sy hooffokus kan finansier, naamlik die bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur. Dirk glo dat sy uitgebreide sake-ervaring in uitvoerende hoedanigheid, sowel as sy ervaring as nie-uitvoerende direkteur van verskeie ander sakemaatskappye, nuttig aangewend kan word om bogenoemde doelwitte te bereik.

Hy het die nodige ondervinding en bewese kundigheid om strategies by te dra tot die finansiële volhoubaarheid van die kernsake van die ATKV-MSW. Hy is die afgelope vier jaar reeds lid van die ATKV-direksie (in die sake-portefeulje) en was ten nouste betrokke by die herstrukturering van die bedryfsaktiwiteite van die ATKV-Groep tussen die ATKV-MSW en ATKV-Sake. Hy dien ook op die direksie van ATKV-Sake en Hartenbos Seefront, asook op verskeie komitees van die ATKV.

Dirk het 'n deeglike begrip van die fidusiêre verantwoordelikheid van 'n maatskappydirekteur wat gekoppel is aan goeie oordeel en die vermoë om 'n onafhanklike mening te vorm. Met sy ervaring van 16 jaar as direkteur van verskeie maatskappye het hy die vermoë ontwikkel om onderskeid te tref, dog ook terselfdertyd 'n konneksie te maak tussen strategiese denke, beleide en besluite, sowel as die implementering en monitering daarvan.

Nie-uitvoerende direkteurskappe:

- ATKV-MSW (sedert 2015)
- ATKV-Sake (2016/17 en 2018/19, voorsitter)
- Hartenbos Seefront (sedert 2015, voorsitter sedert 2017)
- ATKV se sosiale-en-etiekkomitee (sedert 2017, tans voorsitter)
- ATKV-ouditkomitee (2015/16)
- Agrinet (2003 – 2011)
- New Holland SA (2003 – 2006)
- Grasland Ondernemings (2005 – 2011)
- Valley Irrigation of SA (2003 – 2008)

Dirk doen die afgelope drie jaar ook besigheidskonsultasiewerk vir verskeie maatskappye. Dirk is baie lief vir die natuur, hy speel graag golf, is 'n entoesiastiese sportondersteuner en bestee graag tyd saam met sy gesin.

VERKORTE CURRICULUM VITAE



GIEP VAN ZYL

Giep van Zyl matrikuleer in 1980 aan die Potchefstroom Gimnasium en van 1981 tot 1986 studeer hy aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PUK). Dit is nie vreemd dat hy 'n honneurs in kommunikasiekunde verwerf het nie, want hy ken van praat! Hy studeer nie net nie, maar neem aktief deel aan die studentelewe as huiskomiteelid en lid van die Kultuurraad. Hy is ook voorsitter van die alom bekende Alabama-studentegeselskap van die destydse PUK.

Sy studentejare het hom inderdaad vir sy loopbaan voorberei. Hy is sedert 2007 as stigtersdirekteur by GZ Productions (cc) betrokke. Hulle is verantwoordelik vir die vervaardiging/bestuur/produksiebestuur van teaterproduksies, musiekkunstenaars en -produksies, korporatiewe funksies en produk bekendstellings en spesiale projekte by kunstefeeste, teaters en korporatiewe venues. Hy is ook 'n konsultant vir teater en verwante kultuurbedrywighede – strategies en operasioneel.

Giep wag nie vir geleenthede nie, hy skep hulle. Sy loopbaan getuig ook daarvan. Hy was van 1998 tot 2005 by die Aardklop Nasionale Kunstefees as stigterslid en as eerste bestuurder betrokke. Van 1996 tot 1998 is hy by die Pendoring Reklametoekenning as stigterslid en eerste bestuurder betrokke. In hierdie tyd is hy ook die mededirekteur by Gigs Galaxy waar hy verantwoordelik is vir die bestuur van toneel- en musiekproduksies, asook die kunstenaars.

Giep is nie 'n onbekende in die ATKV-kringe nie. Hy is van 1990 tot 1995 werksaam by die ATKV as die organiseerder van ligtemusiekprojekte, klassiekemusiekprojekte, toneelprojekte en -werkswinkels. Gedurende sy loopbaan by die ATKV word hy afgevaardig as verteenwoordiger van die Afrikaanse gemeenskap op die reëlingskomitee van die Nasionale Vredesinisiatief.

Danksy sy ondervinding van 30 jaar het hy goeie kennis van die Afrikaanse kultuurlandskap. Hy weet wat dit finansieel en bestuursgewys verg om van enige projek in die kunste 'n sukses te maak. Sy loopbaan getuig van sy entrepreneuriese ingesteldheid. Giep is goed onderlê in die opstel en bestuur van begrotings, asook terugvoering. Hy het baie ervaring in die veld van borgwerwing en borgskakeling.

VOLMAGAANSTELLING

AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING

Ek, _____ van _____ (adres), 'n lid van die ATKV, ID-no. _____, as verteenwoordiger van die ATKV-tak _____ stel hiermee _____ (volle naam) van _____ (adres), voor as gevolmagtigde. By gebrek aan beskikbaarheid van die voorgestelde gevolmagtigde, stel ek hiermee _____ (volle naam) van _____ (adres), of indien geeneen van die voormelde, die voorsitter van die vergadering, aan as my gevolmagtigde om namens my by die algemene jaarvergadering wat gehou gaan word op 29 en 30 Mei 2019 of by enige vergadering daarvan, soos volg namens my te stem, of by gebrek aan sodanige aanduiding, na goeddunke te stem:

BESLUIT	TEN GUNSTE	TEEN	BUIE STEMMING
BESLUIT 1: rakende voorsittersrede			
BESLUIT 2: rakende verslag van die besturende direkteur van ATKV-MSW			
BESLUIT 3: rakende die voorlegging van die besturende direkteur van ATKV-Sake			
BESLUIT 4: rakende die voorlegging van die finansiële jaarstate van die ATKV-Groep vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2019			
BESLUIT 5: rakende die aanstelling van die eksterne ouditeure			
BESLUIT 6: rakende verkiesing van nie-uitvoerende direkteure			
Marlene le Roux			
Dirk Lotter			
Giep van Zyl			
BESLUIT 7: rakende verkiesing van ouditkomiteelede			
BESLUIT 8: rakende verkiesing van ledevertegenwoordigers op die nominasiekomitee			
BESLUIT 9: rakende die verslag van die ouditkomitee			
BESLUIT 10: rakende die verslag van die sosiale-en-etiekkomitee			
BESLUIT 11: rakende die verslag van die vergoedingskomitee			
SPESIALE BESLUIT 1: Intergroepelings			

(dui opdrag aan gevolmagtigde aan met 'n kruisje in die betrokke ruimte)

Ek magtig ook my gevolmagtigde om na goeddunke namens my te stem of buite stemming te bly rakende enige aangeleentheid buiten die bogenoemde wat tydens die vergadering ter stemming gebring mag word.

VERTEENWOORDIGER VAN ATKV-TAK

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2019.

Handtekening _____

GEVOLGMAGTIGDE

Geteken op hierdie _____ dag van _____ 2019.

Handtekening _____

VOLMAG – REËLS

1. Die volgende bepalings geld ten opsigte van gevolmagtigdes:
 - 'n lid van die maatskappy kan enige persoon ooreenkomstig die bepalings van die Akte van Oprigting (AVO, artikel 3 en Skedule 2 Deel C) as 'n gevolmagtigde benoem om aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy deel te neem, daarop te praat en daarop te stem.
 - 'n volmaginstrument moet op skrif, gedateer en deur die lid onderteken wees.
 - 'n gevolmagtigde mag die gevolmagtigde se gesag om namens die lid op te tree aan 'n ander persoon delegeer, onderhewig aan die beperking dat die sekundus van die tak aangewys is op die takvergadering en die delegasie aanvaar.
 - 'n afskrif van die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde benoem is, moet by die maatskappy of die maatskappysekretaris afgelewer word, voordat die gevolmagtigde enige regte van die lid by die algemene jaarvergadering uitoefen.
 - ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om die gevolmagtigde te benoem:
 - word die benoeming op enige tydstip opgeskort en in soverre die lid besluit om direk te handel en persoonlik enige regte van die lid uit te oefen;
 - kan die benoeming herroep word, tensy die gevolmagtigde-benoeming uitdruklik anders bepaal; en
 - indien die benoeming herroep kan word, kan 'n lid die gevolmagtigde-benoeming herroep deur dit skriftelik te kanselleer of 'n later onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die maatskappy af te lewer.
 - die gevolmagtigde is geregtig om enige stemreg van die lid sonder aanwysing uit te oefen of hom/haar daarvan te weerhou om dit uit te oefen, behalwe in soverre die maatskappy se AVO of die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is anders bepaal.
2. 'n Lid se opdragte aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur die invoeging van die toepaslike aantal stemme wat deur die lid uitgeoefen kan word, in die toepaslike ruimte wat voorsien word. Versuiming om dit na te kom sal geag word die gevolmagtigde te magtig om op die algemene jaarvergadering na goeddunke te stem ten opsigte van die lid se stemme wat op daardie vergadering uitgeoefen kan word.
3. Volmagvorme moet ingedien word by, of ge-pos of ge-e-pos word aan die maatskappysekretaris van die ATKV, teen nie later nie as Vrydag 24 Mei 2019 om 12:00.

Johan Schoeman

Surreyalaan 348, Randburg, 2194

Posbus 4586, Randburg, 2125

Johanschoeman@atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR

h/v Dover- en Surreystraat
Ferndale
Randburg

Posbus
4586
Randburg
2125

Tel: 011 919 9000

Faks: 011 919 0220

Tolvry: 0800 00 2209

Inbelsentrum: 011 919 9092

E-pos: atkv@atkv.org.za

WWW.ATKV.ORG.ZA